

ALTERNATIEWE LAE KOSTE RIOOLSTELSELS

P.A. ROSSOUW

CAPE/KAAPSE TECHNIKON
LIBRARY ITEM: 97000270



44056 .

ALTERNATIEWE LAE KOSTE RIOOLSTELSELS


Pieter Arnold Rossouw
8803188

Proefskrif ingelewer ter
gedeeltelike voldoening
aan die vereistes van die
MEESTERS DIPLOMA IN
TEGNOLOGIE (water) by die
skool vir Siviele
Ingenieurswese aan die
Kaapse Technikon.
Datum van indiening:
Desember 1992

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat my eie oorspronklike werk is wat nog nooit vantevore geheel of gedeeltelik by enige ander instansie ter verkryging van 'n kwalifikasie voorgelê is nie.

Die menings hierin uitgespreek is my eie en nie noodwendig die van die Kaapse Technikon of enige firma wat ek mag verteenwoordig nie.



.....
HANDTEKENING

1/2/1992.....

DATUM

ERKENNINGS

Dankbetuiging word gerig aan die volgende persone en instansies:

My interne studieleier, mnr P. Slatter.

My eksterne studieleier, mnr C. F. Theart.

Die bibliotekpersoneel van die firma Ninham Shand Ing. in Kaapstad wat behulpsaam was met die opsporing van die bronne.

Die direkteure en personeel van die Bellville en Stellenbosch kantore van die firma Ninham Shand Ing. vir al hul raad, hulp en bystand.

Die direkteure en personeel van die firma Wouter Engelbrecht Ing. vir al hul raad, hulp en bystand asook finansieële ondersteuning om die proefskrif te voltooi.

My vrou, Renate, vir al haar ondersteuning en hulp met die skryf van hierdie proefskrif.

INHOUD

VERKLARING

ERKENNINGS

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN TABELLE

LYS VAN FIGURE

LYS VAN BYLAES

WOORDELYS

SAMEVATTING

SUMMARY

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Hoofstuk 1 : Inleiding

1.1	Oorsig	1
1.2	Alternatiewe Rioolstelsels	2
1.3	Wat is lae koste sanitasie?	3
1.4	Sanitasie, watervoorsiening en gemeenskapsgesondheid	4
1.5	Opsomming	6

Hoofstuk 2 : Rioolstelsels

2.1	Inleiding	7
2.2	Rioolverwyderingstelsels	8
2.2.1	Verwerking	9
2.2.1.1	Verwerking op terrein	9
2.2.2.2	Verwerking op 'n ander terrein	11
2.2.2	'Nat-' of 'droeë' stelsels	11
2.3	Konvensionele gravitasierioolstelsels	12
2.3.1	Ontwerpsprosedures	13
2.3.2	Voor- en nadele	13
2.4	Septiese tenks	14
2.4.1	Beskrywing	15
2.4.2	Die Tenk	15

2.4.2.1	Uitsakking van die gesuspendeerde solides	18
2.4.2.2	Biologiese proses	18
2.4.2.3	Opgaar van slyk en skuim	19
2.4.2.4	Verwyderingstelsel	19
2.4.3	Ontwerpprosedure	20
2.4.4	Voor- en Nadele	22
2.5	Bewaartenks	23
2.5.1	Ontwerpprosedure	23
2.5.2	Voor- en nadele	24
2.6	Putlatrines	24
2.6.1	Beskrywing	25
2.6.2	Ontwerpprosedure	25
2.6.3	Voor- en nadele	26
2.7	Emmerstelsel	30
2.7.1	Ontwerpprosedure	31
2.7.2	Voor- en nadele	31
2.8	Gietspoelstelsel	32
2.8.1	Ontwerpprosedure	32
2.8.2	Voor- en nadele	35
2.9	Waterlatrine	35
2.9.1	Konvensionele waterlatrine	36
2.9.2	Self vul waterlatrine	36
2.9.3	Aflaat waterlatrine	37
2.9.4	Ontwerpprosedure	37
2.9.5	Voor- en nadele	39
2.10	Opsomming	40

Hoofstuk 3 : Lae Koste Riolverwyderingsmetodes

3.1	Inleiding	41
3.2	Verwerkingstelsel op die terrein	41
3.2.1	Beskrywing	41
3.2.2	Ontwerpsprosedure	43
3.2.3	Sosiale, Ekonomiese en Politiese gevolge	44
3.3	Riolverwydering na 'n ander terrein	46
3.3.1	Konvensionele riolverwyderingstelsels	47
3.3.1.1	Beskrywing	47

Hoofstuk 6: Ontwerps voorbeeld: Klein Diameter Riool netwerk

6.1	Scenario	85
6.2	Berekeninge	85
6.2.1	Kolom 1: Stasie	85
6.2.2	Kolom 2: Stasie Hoogte	86
6.2.3	Kolom 3: Afstand	86
6.2.4	Kolom 4: Hoogte verskil	86
6.2.5	Kolom 5: Lengte van seksie	86
6.2.6	Kolom 6: Gemiddelde helling	86
6.2.7	Kolom 7: Aantal aansluitings	87
6.2.8	Kolom 8: Ontwerps vloei	87
6.2.9	Kolom 9: Pyp diameters	87
6.2.10	Kolom 10: Vloei by vol pyp toestand	87
6.3	Opsomming	88

Hoofstuk 7: Lae Koste Riolverwerkingsmetodes

7.1	Inleiding	91
7.2	Vleilande	92
7.2.1	Inleiding	92
7.2.2	Stikstof	93
7.2.3	Fosfor	96
7.2.4	Organiese materiale	99
7.2.5	Swaar metale	100
7.2.6	Patogene	102
7.2.7	Ontwerpsriglyne	103
	7.2.7.1 Terrein	103
	7.2.7.1 Algemene Afmetings	107
	7.2.8 Opsomming	107
7.3	Rietbeddings	107
7.4	Grondsypelbeddings	110
7.5	Gevolgtrekking	116

3.3.2	Kleindiameter riole	47
3.3.2.1	Beskrywing	47
3.3.2.2	Toepassing in die Suid-Afrikaanse milieu	51
3.3.2.3	Voordele van die klein diameter rioolstelsel bo 'n konvensionele stelsel	52
3.3.2.4	Ontwerp	54
3.4	Opsomming	56

Hoofstuk 4: Biologiese Prosesse

4.1	Inleiding	57
4.2	Fisiese Eienskappe	58
4.3	Chemiese eienskappe	59
4.4	Biologiese Rioolverwerking	62
4.4.1	Ensieme	62
4.4.2	Biologiese groei	62
4.5	Biologiese prosesse van belang in 'n septiese tenk	64
4.5.1	Anaërobiese proses	64
4.5.2	Aërobiese proses	67
4.5.3	Versnelling van die Biologiese proses	68
4.6	Opsomming	69

Hoofstuk 5: Ontwerp van die onderskepper vir 'n Klein Diameter Rioolstelsel

5.1	Inleiding	72
5.2	Voorafvervaardigde tenks	73
5.3	Ontwerp van onderskepper	77
5.3.1	Hidrouliese vloei	79
5.3.2	Biologiese vloei	79
5.3.3	Stoorvermoë	80
5.3.4	Ventilasie	81
5.3.5	Noodoorloop	81
5.4	Ontwerpsvoorbeeld	81
5.5	Opsomming	83

Hoofstuk 8: **Sintese**

8.1	Inleiding	117
8.2	Standaarde	118
8.3	Kostes	119
8.4	Aanvaarbaarheid	120
8.5	Gevolgtrekking	121
8.6	Toekomstige navorsing	122
	Verwysingslys/Bronnelys	123

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1:	Tempo van skuim en slyk aanwas	21
Tabel 4.1:	Resultate van chemiese toetse op septiese tenks wat met bio-ensieme behandel is	70
Tabel 6.1:	Berekeninge van 'n klein diameter rioolnetwerk	89
Tabel 7.1:	Verskillende waterkwaliteit standaarde	91
Tabel 8.1:	Verskillende moontlike kostes vir verskillende rioolstelsels	119

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1:	Die samestelling van 'n gemiddelde huis se rou riool per volume	7
Figuur 2.2:	Skematiese voorstelling van 'n gemiddelde huis se rou riool	8
Figuur 2.3:	Generiese Klassifikasie van Rioolverwyderingstelsels	10
Figuur 2.4:	'n Tipiese septiese tenk	17
Figuur 2.5:	Sones in 'n tipiese septiese tenk	18
Figuur 2.6a:	Septiese tenk kapasiteite vir huise	21
Figuur 2.6b:	Septiese tenk kapasiteite vir ander geriewe	22
Figuur 2.7a:	Verbeterde geventileerde putlatrine	28
Figuur 2.7b:	Dubbele geventileerde putlatrine	29
Figuur 2.8:	Detail van 'n "Ballam waterslot"	34
Figuur 2.9:	'n Tipiese waterlatrine stelsel	38
Figuur 3.1:	Vloiediagram vir rioolverwerking op terrein	43
Figuur 3.2:	Tipiese erf riool uitleg	49
Figuur 4.1:	Grafiek wat die verhouding tussen die aggressiwiteit van huishoudelike riool en die volume oor 'n 24 uur periode toon	57
Figuur 4.2:	Biologiese groeikurwe van mikro-organismes	63
Figuur 4.3:	'n Skematiese voorstelling van die anaërobiese proses	65
Figuur 5.1:	1750 liter voorafvervaardigde septiese tenk	75

Figuur 5.2:	1750 l voorafvervaardigde septiese tenk	76
Figuur 6.1:	Tipiese lengtesnit	90
Figuur 7.1:	Hoof meganismes vir die verwydering van Stikstof	94
Figuur 7.2:	Hoof meganismes vir die verwydering van Fosfor	97
Figuur 7.3:	Tipiese dwarsnit van 'n Rietbedding	108
Figuur 7.4:	Gesuspendeerde Soliedes konsentrasie, voor en na behandeling	109
Figuur 7.5:	BSB konsentrasies, voor en na behandeling	109
Figuur 7.6:	Grond tekstuur klassifikasie driehoek	111
Figuur 7.7:	Details van 'n sypel sloot	112
Figuur 7.8:	Detail van 'n sypelput	113
Figuur 7.9:	Visgraat uitleg van sypelstrate	114
Figuur 7.10:	Evapotraspirasie beddings	115
Figuur 7.11:	Detail van 'n wal evapotraspirasie stelsel	116
Figuur 8.1 :	Bedryfskoste vergelyking tussen 'n paar alternatiewe rioolstelsels	120

LYS VAN BYLAES

- BYLAE A:** Riglyne vir die ontwerp van konvensionele rioolnetwerke soos vervat in "**Guidelines for provision of engineering services for residential townships**" soos vervat in die handleiding van die destydse departement van Gemeenskaps Ontwikkeling.
- BYLAE B:** Brosjures vir **Voorafvervaardigde alternatiewe rioolstelsels** beskikbaar in Suid-Afrika.
- BYLAE C:** **Formules vir die ontwerp van septiese tenks** soos vervat in "The Design of small bore sewer systems" deur R.J. Otis en D.D. Mara en "Alternative Sewer Systems" deur H.E. Schmidt et al.
- BYLAE D:** **Voorgestelde interseptor tenks vir 'n Klein Diameter Rioolstelsel.**
- BYLAE E:** **Vereistes vir die kwaliteit van die afvalwater vanaf Riolsuiwerings aanlegte.** Staatskoerant, 18 Mei 1984.
- BYLAE F:** Brosjures vir **Bio ensiem-samestellings wat komersieël beskikbaar is**, soos vervaardig deur: SANNITREE (PTY) LTD. en SERVAC (PTY) LTD.
- BYLAE G:** **Tabelle vir die Berekening van afvalwater hoeveelhede** soos vervat in: "A Guide to the use of Septic Tank Systems in South Africa"; deur R. J. L. C. Drews en "Septic Tank Systems" deur D. C. de Villiers

WOORDELYS

sanitasie - verbetering van gesondheidkondisies; aanleg van 'n sanitêre stelsel

rioolstelsel - die saamstel van riole van 'n dorp of stad

ekskresie - afskeiding van stowwe wat vir die liggaam onbruikbaar is.

ekskreta - uitwerpsels

bentoniet - kleisoort uit verweerde vulkaniese as wat groot hoeveelhede water kan opneem

epifiet - 'n plant wat op en met behulp van ander plante, maar nie parasities nie, groei

SAMEVATTING

Statistieke toon dat die bevolking in Suid-Afrika binne die volgende 25 jaar gaan verdubbel, terwyl die stedelike bevolking gedurende dieselfde tyd gaan vervierdubbel. Daar word verwag dat die grootste bevolkingstoename in die lae inkomstegroep, waarvan die grootste deel ongeskoold is, gaan plaasvind.

Verskeie stede en dorpe in ons land kan uit ondervinding oor die afgelope 4 of 5 jaar getuig van die onaanvaarbare gesondheidsrisiko wat deur onbeheerde en onbeplande plakkery meegebring word. Aangesien konvensionele gravitasieriolering baie duur is om te installeer en die metodes wat vir die verwerking en suiwering van die afvalwater gebruik word soms 'n hoogs tegnologiese en dus duur grondslag het, is dit noodsaaklik om alternatiewe vorms van rioolverwydering en riolsuiwering te ondersoek. Die klem moet val op 'n bekostigbare en geskikte alternatiewe vorm van sanitasie.

Uit hierdie ondersoek het dit geblyk dat rioolverwyderingstelsels hoofsaaklik in drie groepe verdeel kan word. Eerstens is daar die stelsels waar die riool op die terrein verwerk word, tweedens kan riool vanaf die terrein op 'n ander neutrale terrein verwerk word of, in die derde geval kan 'n kombinasie van die twee stelsels gebruik word.

Die term 'verwerking op terrein' verwys na die verwerking of gedeeltelike verwerking van riool op terrein. Stelsels wat onder hierdie kategorie ressorteer, is gewoonlik die goedkoopste, maar hou in sommige gevalle 'n gesondheids- en besoedelingsgevaar in. Die volgende stelsels word onder hierdie kategorie geklassifiseer: Putlatrines, Giet-Spoel

stelsels, Reid se reuklose klosette, Septiese tenks en Aqua-Privies

Rioolstelsels wat riool op 'n ander terrein verwerk, is oor die algemeen duur. Die aanvanklike installeringskoste asook die bedryfskoste van die meeste van hierdie stelsels is gewoonlik buite die bereik van ontwikkelende gemeenskappe. Die tipe stelsel kan in twee groepe verdeel word. Die eerste groep maak gebruik van die hidrouliese vloeikapasiteit van water onder gravitasie of druk. Konvensionele spoelrioolstelsels en die klein diameterstelsel val in hierdie groep. Die tweede groep se riool word op die erf versamel vanwaar dit op 'n meganiese wyse verwyder word. Onder hierdie groep kan die emmerstelsel, bewaartenks asook die vakuumstelsel as voorbeelde dien.

Die konvensionele stelsel sal altyd die norm wees waarteen 'n rioolstelsel beoordeel word. Daarom is dit noodsaaklik dat 'n goedkoper plaasvervanger wat dieselfde doel dien, maar teen 'n laer koste geïnstalleer en bedryf kan word, gevind word. Hierdie stelsel moet nie net 'n korttermyn oplossing bied nie, maar waar moontlik moet hy die konvensionele riool vervang.

Aangesien Suid-Afrika 'n land met redelike skaars waterbronne is, het die owerhede hoë standaarde vir waterkwaliteit daargestel om hierdie bronne te beskerm. Ten einde hierdie hoë standaard afloop te verseker word hoogs tegnologiese en gesofistikeerde watersuiweringsmetodes, wat baie duur is, tans gebruik. 'n Groot verskeidenheid rioolverwerkingstelsels is ondersoek. Uit hierdie ondersoek het dit duidelik geblyk dat daar 'n groot mate van onkunde in Suid-Afrika bestaan oor enige ander vorm van rioolstelsel, behalwe die konvensionele rioolstelsel en die verwante verwerkingsmetodes.

Alternatiewe stelsels is nie net op lae inkomste en informele gemeenskappe gemik nie. Tans is daar 'n groot

aantal dorpe, oorwegend kusdorpe (meestal vakansiehuise), wat nog van die septiese tenkstelsel gekoppel aan een of ander syferstelsel as rioolstelsel gebruik maak. Hierdie vorm van rioolstelsel kortwiek die groei van baie van hierdie gemeenskappe aangesien waterbronne redelik skaars is en die rioolstelsel die beskikbare bronne besmet. 'n Klein diameter riool sal in die meeste van hierdie gevalle die ideale oplossing bied.

Klein diameter rioolstelsels bied nie net 'n oplossing vir Suid-Afrika se lae inkomste behuisingssektor se soeke na 'n goedkoper en aanvaarbare rioolstelsel nie, maar is ook geskik vir die gebruik in bestaande dorpe sonder rioolnetwerke. Die meeste van die dorpe gebruik opgaartenks wat op 'n gereelde basis uitgesuig moet word. Hierdie tenks kan in die meeste gevalle direk aan 'n klein diameter stelsel gekoppel word. In die geval van lae inkomste behuisings is dit soms moontlik om die onderskeppers as deel van 'n werkverskaffingskema deur die plaaslike bevolking te laat bou.

SUMMARY

According to statistics the population in South Africa will double within the next 25 years, whilst the urban population will quadruple over the same period of time. It is expected that the largest growth will be in the low income group where the majority of the people are unskilled.

A number of cities and town in South Africa experienced the unacceptable health risk caused by unplanned and uncontrolled squatting. Conventional gravitation sewers and purification methods are too expensive to install and maintain. Alternative methods therefore need to be investigated. The emphasis should be on affordable and appropriate sewers.

Sewerage systems can be divided into three groups ie:

- i) Sewerage which is treated on site,
- ii) Sewerage which is treated on a neutral site and
- iii) A combination of i and ii above.

'Treated on site' means the treatment or partial treatment of sewerage on the site of origin. This system is usually the cheapest form of sanitation but poses a health and pollution risk. Systems such as the pit-latrines, pour-flush, Reid's odourless earth closet, septic tanks and Agua-privies fall into this category.

Sewerage treatment on other sites is usually expensive. The cost of installation and maintenance of such a sewerage systems is normally beyond the means of a developing community. This type of sewerage system may be divided into two groups.

- i) The first group uses the hydraulic flow characteristic of water under gravitation or pressure for sewerage transportation. Conventional and small diameter sewers fall into this group.

ii) In the second group, mechanical equipment is used to remove the sewerage from site. The vacuum system, bucket system and the conservancy tank fall into this group.

The conventional system sets the norm against which a sewerage system is evaluated. It is therefore important to find a system which operates in a similar way but which is less expensive to install and cheaper to operate. The new system should not only satisfy the short-term needs, but should also be capable of replacing the conventional system under most circumstances.

South Africa's natural water resources are very limited. Water-authorities thus demand the highest standards of treated effluent water quality in order to conserve these resources. The equipment needed to ensure those high standards of sewerage treatment is generally highly sophisticated and thus expensive.

A wide range of sewerage treatment systems have been investigated. These investigations have shown that there is a general lack of knowledge of alternative sewerage systems in South Africa. Alternative systems are not only intended for the low income or informal communities. There are also a large number of towns, especially coastal towns which still use the system of a septic tank coupled to one or other soakaway. This type of system indirectly restricts the growth of many of these communities due to the pollution, by this system, of the surrounding natural water resources. In this instance the ideal solution would be to install a small diameter sewer.

Small diameter sewer systems not only satisfy South Africa's low income housing sector's requirements of a cheaper and acceptable system, it is also suitable for use in existing towns where no sewer networks exist. Most of these towns use conservancy tanks which are regularly emptied. These tank can be coupled in most instances to the small bore sewerage system.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Oorsig

Die verwydering en wegdoening van menslike afval (ekskreta) op so 'n wyse dat die natuur op geen manier benadeel word nie, is 'n probleem wat die mens tot vandag toe nog nie volkome kon oplos nie. Baie min vooruitgang is vanaf voor Christus se geboorte tot laat in die 19de eeu in die geskiedenis opgeteken. Alhoewel baie vooruitgang vroeër hierdie eeu gemaak is, het die situasie nie veel verander nie (Rivett-Carnac, 1984). Maar met die bevolkingsaanwasprobleme waarmee die wêreld, veral die derde wêreld huidiglik te kampe het, word navorsers gedwing om metodes te ondersoek om die kwynende natuurlike hulpbronne te red (Brocard & Hagger, 1990). Suid-Afrika is geen uitsondering nie.

Suid-Afrika se huidige sosio-ekonomiese opset is besig om te faal voor die aanslag van die hoë tempo van verstedeliking en die steeds groeiende bevolkingsaanwas. Statistieke toon dat die bevolking in Suid-Afrika binne die volgende 25 jaar gaan verdubbel, terwyl die stedelike bevolking gedurende dieselfde tyd gaan vervierdubbel (Tanner & Wall, 1991). Daar word verwag dat die grootste toename in bevolking in die lae inkomstegroep, waarvan die grootste deel ongeskoold is, gaan plaasvind. Op die korter termyn word verwag dat die stedelike bevolking binne die volgende dekade met meer as 40% gaan toeneem. Groter stede soos Kaapstad, die PWV-gebied, Bloemfontein, Durban en Port-Elizabeth kan 'n minimum groeitempo van ongeveer 50% oor dieselfde tydperk verwag weens hulle groter aantrekkingskrag (Kolbé, 1991).

Verskeie stede en dorpe in ons land kan uit ondervinding oor die afgelope 4 of 5 jaar getuig van die onaanvaarbare gesondheidsrisiko wat meegebring word deur onbeheerde en onbeplande plakkery. Onbehandelde riool en afval besoedel die omgewing. Hieruit kan 'n plaag van kolera, lewerontsteking of ander watergebaseerde (water-bronne)

epidemies volg (Otis, 1985). So 'n epidemie sal onherstelbare politieke- sowel as ekonomiese skade aanrig. 'n Goeie voorbeeld van 'n natuurlike bron wat toenemend onder besoedeling gebuk gaan, is Valsbaai. Plakkers besoedel die Kaapse Vlakte met riool en ander afval gedurende die droë seisoen. Gedurende die reënseisoen word al die rommel en riool deur stormwater afgevoer en in die see gestort. Sommige strande is alreeds ongeskik vir swem verklaar as gevolg van hierdie besoedeling. As gevolg van die groot volume water in Valsbaai is die probleem nie so opsigtelik nie. In die binneland waar hierdie stormwater in riviere en damme, wat die gemeenskap van drinkwater voorsien, gestort word, kan hierdie probleem egter gou kritiese afmetings aanneem soos byvoorbeeld tydens die Duzirivier kanomarathon van 1990.

Dit is dus baie duidelik dat die gesondheid van die bevolking baie nou saamhang met 'n effektiewe rioolverwyderingstelsel.

Aangesien konvensionele gravitasiedreinerings baie duur is om te instaleer en die metodes wat vir die verwerking en suiwing van die afvalwater gebruik word soms 'n hoogs tegnologiese en dus duur grondslag het, is dit noodsaaklik om alternatiewe vorms van rioolverwydering en rioolsuiwing te ondersoek. Die klem moet val op 'n bekostigbare en geskikte alternatiewe vorm van sanitasie (van Rensburg, 1990).

1.2 Alternatiewe Rioolstelsels

Die eerste prioriteit vir 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika is om programme te ontwikkel en te implementeer om riool effektief te verwyder en te verwerk ten einde 'n gesonder gemeenskapslewe te bevorder (Kalbermatten, 1980a). Dit sal die voorkoms van relevante siektes en kwale grootliks hokslaan. Weens die hoë koste verbonde aan die installasie en bedryf van spoelrioolstelsels is dit nodig om

deeglik te besin oor alternatiewe metodes om die taak op 'n goedkoper wyse te verrig (Africa, 1991). Dit is sekerlik meer aanvaarbaar om 'n geskikte, effektiewe laekoste stelsel aan 'n groter persentasie van die bevolking beskikbaar te stel as om 'n klein persentasie van eerste wêreld standarde, ten koste van die massas, te voorsien (Jackson, 1989).

Die oogmerk met alternatiewe rioolstelsels is dus om 'n diens aan 'n betrokke gemeenskap beskikbaar te stel wat nie net aan hulle behoeftes voldoen nie, maar ook bekostigbaar met betrekking tot aanvanklike uitgawe asook onderhoud is. Die standaard (Tanner, 1991) asook die koste van so 'n diens word bepaal deur:

- a) die behoefte en verwagtinge van die gemeenskap,
- b) die bekostigbaarheid van die diens vir die gemeenskap en
- c) die standarde wat gestel word vir veiligheids- asook gesondheidsaspekte.

Om so 'n stelsel effektief te kan ontwerp is dit belangrik om die algehele oogmerk met die implementering van 'n rioolstelsel deeglik te omskryf en te verstaan. Die hoofoogmerk kan beskryf word deur die begrip 'Gesonde Omgewing wat behuising, watervoorsiening en sanitasie behels. Ten einde 'n koste effektiewe stelsel te ontwerp moet die interaksie tussen hierdie dienste baie goed verstaan word.

1.3 Wat is lae koste sanitasie?

Lae koste rioolstelsels (Emslie, 1986) is nie minderwaardige rioolstelsels nie; dit kan eerder beskryf word as goedkoper, geskikte alternatiewe sanitasie om aan 'n bepaalde gemeenskap se behoeftes te voldoen. In ontwikkelde lande word hierdie beginsel al vir baie jare toegepas.

Tans bestaan daar 'n groot verskil tussen wat deur die bevolking verwag word en wat aan hulle deur die owerhede voorsien word (Tanner, 1991). Een van die grootste oorsake

vir hierdie probleem kan voor die deur van die politieke magstryd tussen die verskillende politieke organisasies gelê word.

Vir Suid-Afrika om die bevolkingsaanwas- en politieke probleme die hoof te bied is dit belangrik dat die groot stremming wat op ontwikkeling geplaas word deur 'n tekort aan kapitaal so gou as moontlik uit die weg geruim moet word. Mense se denkswyse word baie beïnvloed deur hulle lewenskwaliteite. Om die kwaliteit van die lewe in 'n gemeenskap te verhoog kan daar op een of ander ontwikkelingsveld gekonsentreer word, maar 'n beter resultaat sal verkry word met 'n gesamentlike ondersteuningspoging in die proses van verandering binne die nasionale en ekonomiese bande. Dus moet daar so goedkoop as moontlik op 'n koste effektiewe wyse aan 'n gemeenskap dienste voorsien word wat aan sy behoeftes en verwagtinge voldoen.

Daar is tot dusver weinig ondersoeke in Suid Afrika gedoen om goedkoper en bekostigbare sanitasie aan minder gegoede gemeenskappe te voorsien. Die standarde van alle ander dienste is al drasties aangepas om die gemeenskap se sak te pas, maar wat watervoorsiening en sanitasie betref, is daar nog relatief min ontwikkelingswerk in Suid-Afrika gedoen.

In hierdie verhandeling sal die skrywer poog om nuwe standarde vir die voorsiening van goedkoper koste-effektiewe sanitasie aan meer gemeenskappe beskikbaar te stel.

1.4 Sanitasie, watervoorsiening en gemeenskapsgesondheid

Die voorsiening van skoon water tesame met voldoende sanitasie is absoluut noodsaaklik vir 'n gesonde gemeenskap. Effektiewe voorsiening van die twee dienste dra regstreeks

by tot die bekamping van siektes en epidemies wat veroorsaak word deur onhigiëniese lewensomstadighede.

Dit is dus onmoontlik om hierdie twee dienste te skei. Watervoorsiening is 'n noodsaaklike diens en is daarom ook een van die eerste dienste wat aan minder gegoede gemeenskappe voorsien moet word. Aan die ander kant van die spektrum kry voorsiening van 'n aanvaarbare vorm van afval- en ekskreta verwydering nie altyd die nodige aandag nie. In ontwikkelende gemeenskappe word soveel as 70% van alle water wat gebruik word as afvalwater gestort. Weens die direkte impak wat watervoorsiening (Tanner, 1991) op die gesondheid van 'n gemeenskap kan hê, is dit noodsaaklik om te besef dat die afwesigheid van 'n effektiewe rioolverwyderingstelsel net die klem van een vorm van gesondheidsprobleme na 'n ander sal verskuif. Die feit word onderstreep deur die volgende uitlating uit Indië (Aangehaal in Marias, 1991B, p2):

"In many urban towns where water supply was long since installed and a sewer system held up for want of adequate "subsidy", the delay is costing the communities dearly. In sanitation and mosquito nuisance have taken root and filariasis is becoming endemic over an ever widening urban area in the entire country. This is hardly a comforting thought. Ironically enough filariasis control is fast assuming an increasing importance as a health measure with prophylactics pressed into service. This is but fighting the shadow and not the substance."

Dit blyk dat die situasie eers deeglik ondersoek en geëvalueer moet word alvorens water- en rioolverwyderingsgeriewe aan 'n gemeenskap voorsien kan word. In wyd verspreide gemeenskappe behoort die afwesigheid van effektiewe watervoorsiening- en rioolverwyderingsgeriewe geen noemenswaardige invloed op die gemeenskap se algemene gesondheid te hê nie, maar in digbewoonde gebiede sal die sanitasiegewoontes van een

persoon noodwendig 'n invloed op sy buurman se leefwyse hê. Om die verspreiding van siektes en 'n moontlike epidemie te verhoed is dit noodsaaklik om die mees gevorderdste rioolverwyderingstelsel wat die gemeenskap kan bekostig te instaleer.

1.5 Opsomming

Deur voldoende waterverspreiding en rioolverwydering in 'n gemeenskap se gesondheidsprogram in te sluit word in 'n effektiewe langtermyn oplossing teen die verspreiding van epidemies belê. Die belangrikheid hiervan word onderstreep deur die Wêreld Gesondheidsorganisasie (Otis, 1985) se beraming dat ongeveer 80% van alle epidemies in onderontwikkelde lande deur onvoldoende skoon water vir menslike gebruik asook 'n onvoldoende rioolverwyderingstelsel veroorsaak word.

HOOFSTUK 2


RIOOLSTELSELS

2.1 Inleiding


Ten einde 'n rioolverwyderingstelsel te ontwerp is dit belangrik om te weet waaruit huishoudelike rioolwater bestaan voordat dit verwyder kan word.

Rou huishoudelike rioolwater van 'n gemiddelde huishouding bestaan hoofsaaklik uit water en afvalstowwe soos aangedui in figuur 2.1. Die vernaamste afvalstowwe is menslike ekskreta, terwyl die water 'n kombinasie van waswater vanaf baddens, wasbakke, storte en kombuisopwasbakke asook urine

en spoelwater vanaf spoeltoilette is. 'n Skematiese voorstelling van rou huishoudelike riool word in figuur 2.2 aangetoon.



Figuur 2.1: Die samestelling van 'n gemiddelde huis se rou riool per volume (Tebbutt, 1983, p 14).



Figuur 2.2: Skematiese voorstelling van 'n gemiddelde huis se rou riool (Tebbutt, 1983, p 14).

Kreissl (1976) bevestig Tebbutt se voorstelling van huishoudelike riool soos getoon in figuur 2.2. Volgens Kreissl (1976) word ongeveer een derde van huishoudelike afvalwater deur die toilet gegengereer. Hierdie afvalwater staan bekend as "swartwater" ("blackwater"), terwyl die res van die afvalwater as "gryswater" ("greywater") bekend is. Die sogenaamde "swartwater" bevat ongeveer die helfte van al die organismes en soliedes, twee derdes van die stikstof, een vyfde van al die fosfor en die meeste van die bakterieë en virusse wat in rioolafloop voorkom.

Soos aangetoon in figuur 2.1 beslaan water die grootste volume van die afloop. Aangesien hierdie water besoedel is, is dit ongeskik vir enige vorm van hergebruik alvorens dit nie behandel word nie. Die water moet dus eers behandel word voordat dit in die natuur teruggeplaas of op een of ander wyse hergebruik kan word. 'n Rioolverwyderings- en rioolsuiweringsproses moet hier ingespan word om die rioolwater te versamel asook te behandel.

2.2 Rioolverwyderingstelsels

Die doel van 'n rioolverwyderingstelsel is om gebruikte huishoudelike water, met die inhoud daarvan, op 'n veilige,

higiëniese en koste effektiewe metode van 'n terrein af te verwyder (Universiteit van Wisconsin, 1978). Die water word dan behandel en hergebruik of gestort.

Riolverwyderingstelsels kan, soos aangetoon in figuur 2.3, hoofsaaklik in drie groepe verdeel word. Eerstens is daar die stelsels waar die riool op die terrein verwerk word, tweedens kan riool vanaf die terrein op 'n ander neutrale terrein verwerk word of, in die derde geval kan 'n kombinasie van die twee stelsels gebruik word. Die drie tipes kan nog verder onderverdeel word. Stelsels wat van water gebruik maak, staan bekend as "nat" stelsels en stelsels wat geen water gebruik nie, staan bekend as "droë" stelsels (Kalbermatten, 1982). Die verteringsprosesse wat in elk van hierdie stelsels plaasvind, is òf anaërobies òf aërobies òf 'n kombinasie van die twee. Anaërobiese vertering vind in die afwesigheid van suurstof plaas, terwyl suurstof nodig is vir aërobiese vertering (Sien hoofstuk 5).

2.2.1 Verwerking

2.2.1.1 Verwerking op terrein

Die term 'verwerking op terrein' verwys na die verwerking of gedeeltelike verwerking van riool op terrein. Stelsels wat onder hierdie kategorie ressorteer, is gewoonlik die goedkoopste, maar hou in sommige gevalle 'n gesondheids- en besoedelingsgevaar in. Die volgende stelsels kan onder hierdie kategorie geplaas word:


Putlatrines

Giet-Spoel stelsels

Reid se reuklose klosette

Septiese tenks

Aqua-Privies



Figuur 2.3: **Generiese Klassifikasie van Riolverwyderingstelsels** (The World Bank, Water Supply and Disposal, Poverty and Basic Needs Series, 1980, p 2.15).

2.2.2.2 Verwerking op 'n ander terrein

Rioolstelsels wat riool op 'n ander terrein verwerk, is oor die algemeen duur. Die aanvanklike installeringskoste asook die bedryfskoste van die meeste van hierdie stelsels is gewoonlik buite die bereik van ontwikkelende gemeenskappe.

Die tipe stelsel kan in twee groepe verdeel word. Die eerste groep maak gebruik van die hidrouliese vloeikapasiteit van water onder gravitasie of druk. Konvensionele spoelrioolstelsels en die klein diameterstelsel val in hierdie groep. Die tweede groep se riool word op die erf versamel vanwaar dit op 'n meganiese wyse verwyder word. Onder hierdie groep kan die emmerstelsel, bewaartenks asook die vakuumstelsel as voorbeelde dien.

2.2.2 "Nat-" of "droë" stelsels

Hierdie terme verwys na die voginhoud van die riool. Voginhoud bepaal watter tipe rioolverwydering- en/of verwerkingstelsel geskik sal wees vir 'n besondere geval.

"Nat" stelsels sluit die volgende in:

Septiese tenks

Konvensionele spoelriole

Selfvullende aqua-privies

"Droë" stelsels sluit in:

Putlatrines

Emmerstelsels

Biologiese toilette

"Semi-droë" stelsels sluit in:

Giet- spoelstelsels

Bioverteerders

Aqua privies

Hier volg nou 'n beskrywing van die basiese stelsel asook die ontwerpprosedure, gevolg deur 'n opsomming van elke stelsel se voor- en nadele.

2.3 Konvensionele gravitasierioolstelsels

Konvensionele gravitasierioolstelsels soos ons dit vandag ken, het sy ontstaan in Europa gehad. Die stelsel versamel, vervoer en behandel riool in drie fases.

Afvalwater word in residensiële gebiede in die stelsel afgelaat. Die afvalwater word dan deur middel van 'n ondergrondse netwerk van pype (min 100mm dia) na behandelingsaanlegte afgevoer. Ten einde te verhoed dat verstoppings in die pypnetwerk voorkom, word die pype teen bepaalde hellings geïnstalleer sodat die afvalwater 'n minimum vloeisnelheid van ongeveer 0.6 - 1.0 m/s kan handhaaf (Miles, 1973). Mangate word op elke hellingsverandering of rigtingsverandering met 'n maksimum afstand van 80m uitmekaar geïnstalleer (Bylae A). Hierdie mangate verleen toegang tot die stelsel vir skoonmaak en onderhoud. Rioolwater word dan op meganiese en chemiese maniere by die suiweringsaanleg gesuiwer.

Die stelsel word wêreldwyd aanvaar en gebruik omdat dit tans die beste tegniese oplossing bied om die rioolwater van groter gemeenskappe te verwyder.

2.3.1 Ontwerpprosedure

Basiese uitgangspunte vir die uitleg en ontwerp van 'n konvensionele rioolstelsel word saamgevat in "Guidelines for the provision of engineering services in residential townships" soos uitgereik deur die Departement van Gemeenskapsontwikkeling in 1988.

Die ontwerp van die pype word gebaseer op oop kanaalvloei. Soos reeds genoem moet 'n minimum vloeisnelheid van 0.6 m/s - 1.0 m/s in die pyp gehandhaaf word vir die doel van selfskoonmaak. Pype word nooit vir volvloei ontwerp nie; die optimum stroming in 'n pyp kom voor as die pyp ongeveer 80% vol is. Om aan hierdie parameters te voldoen word die diameters en hellings van die pype gevarieer, afhangende van die topografie en vloeirigting ten einde diep uitgrawings, waar moontelik, te vermy.

2.3.2 Voor- en nadele

'n Konvensionele gravitasierioolstelsel is 'n eenvoudige effektiewe stelsel wat onder normale omstandighede sonder probleme funksioneer en nie net gerieflik is nie, maar ook maklik is om te gebruik.

Vir ontwikkelende lande hou die stelsel egter 'n paar nadele in. Die groot hoeveelheid water wat deur die stelsel gebruik word, kan op beter maniere aangewend word. Daarby is nie net die aanvanklike kapitale uitgawe hoog nie, maar ook die onderhoudskoste. Indien die terrein nie heeltemal geskik is nie, moet die rioolafvoerpypleidings soms baie diep geïnstalleer word ten einde die

selfskoonmaak spoelsnelhede te handhaaf, wat die kapitale koste dan nog verder verhoog. As die terrein rotsagtig is, kan die aanvanklike kapitale uitgawe die hoogte inskiet. Sonder basiese opleiding kan die stelsel verkeerd aangewend word. Dit kan gebeur dat die toilette nie gereeld gespoel word nie, of dat die verkeerde skoonmaakmateriaal gebruik word. Indien die stelsel verkeerd gebruik word, kan dit baie maklik verstop. Om so 'n verstopping te verwyder is soms baie duur. Waar die terrein baie plat is, is dit nodig om rioolpompstasies te voorsien. Hierdie pompstasies is nie net baie duur om te installeer nie, maar is ook duur om te bedryf en te onderhou.

Die rioolwater wat weggevoer word, moet op een of ander wyse behandel word. Vir klein gemeenskappies kan die koste per erf vir 'n rioolsuiweringaanleg buite bereik wees. Die rioolstelsel asook die suiweringaanleg kan alleenlik net deur geskoolde personeel bedryf en onderhou word. Nie net is hierdie personeel relatief duur nie; hulle is ook skaars in ontwikkelende lande.

2.4 Septiese tenks

"The discovery of the septic tank is generally credited to John Louis Mouras who in the 1860's, constructed a masonry tank into which sewage, kitchen wastes and rain water from a small dwelling in Vesoul, France, were collected before passing into a cesspool. Twelve years later the tank was opened and found, contrary to expectations, to be almost free of solids. As a result of this discovery, a series of experiments were conducted in collaboration with a priest, Abbé Moigno, a scientific authority. The satisfactory completion of these experiments induced Mouras to patent his invention on 2nd September, 1881. In the USA the

household septic tank was first used in 1883 by Philbrick, and in England its use dates back to 1895 when Cameron introduced the system.

"It is uncertain when household septic tanks originated in South Africa. Communal septic tanks were first used in 1898 by the British authorities at military camps, and it is probable that single household systems were introduced about the same time" (Drews, 1985, p 1)

Afgesien van die feit dat die stelsel al so lank in gebruik is, is die werking, tekortkominge en funksies van die septiese tenk vir baie lank nie verstaan nie. Om die werking beter te kan verstaan, is dit belangrik om die samestelling en basiese beginsels te begryp.

2.4.1 Beskrywing

'n Septiese tenk word saamgestel uit twee hoofkomponente:

- * 'n Tenk, soos getoon in figuur 2.4 en
- * 'n verwyderingstelsel wat die uitvloeisel afvoer.

Aangesien beide die komponente 'n entiteit op sy eie is, moet elkeen afsonderlik ontwerp word.


2.4.2 Die tenk

'n Septiese tenk se primêre doel is om die rou riool te kondisioneer sodat die soliedes van die water geskei kan word. Die water word dan uit die tenk gelaat vir verdere behandeling.

Septiese tenks word gewoonlik uit bakstene en sement vervaardig (De Villiers, 1987), maar deesdae is daar 'n wye verskeidenheid van vooraf vervaardigde tenks op die

mark beskikbaar (sien bylae B). Die tenks moet waterdig en toegerus wees met een of ander vorm van ventilasie vir elke kompartement om die gasse wat ontstaan gedurende die anaërobiese proses te laat ontsnap. Die tenk moet sover as prakties moontlik van die huis geplaas word met voldoende toegang vir skoonmaak- en uitsuigdoeleindes (Drews, 1985).

Die tenks kan as 'n saamgestelde eenheid of 'n afsonderlike eenheid gekonstrueer word. As al die afloopwater van die huishouding in een septiese tenk gestort word, dan staan dit bekend as 'n saamgestelde eenheid. Die kombuis- en badkamerafloopwater word verby die tenk na die verwyderingstelsel gepyp in die geval van die afsonderlike eenheid (Drews, 1985).




Figuur 2.4: 'n Tipiese septiese tenk (Drews, 1985, p 16).

Die afsonderlike eenheid het sy ontstaan vanuit die wanopvatting dat die aflope van die kombuis nadelig is vir 'n septiese tenk. Hierdie gedagte is verkeerd bewys, en daarom word slegs die saamgestelde stelsel deesdae gebruik (Tuesdale et al., 1968).

Rioolwater wat 'n septiese tenk binnekom, gaan deur die volgende prosesse:

2.4.2.1 Uitsakking van gesuspendeerde soliedes

Die soliedes en gesuspendeerde deeltjies sak na die bodem van die tenk uit of hulle versamel bo-op die water. In die tenk ontstaan daar drie duidelik onderskeibare sones (figuur 2.5). 'n Laag skuim dryf bo-op die water met 'n laag slyk onder die water in die tenk. Hierdie prosesse is suiwer meganies (Drews, 1985).



Figuur 2.5: **Sones in 'n tipiese septiese tenk** (Drews, 1985, p9).

2.4.2.2 Biologiese proses

Lewendige organismes, meestal bakteriologies van aard, verteer die organiese soliedes en opgeloste materiale in die riool na eenvoudiger vorms. Tydens die verteringsproses word byna al die soliede materiaal

verteer tot vloeistof en gas. Die volume soliedes in die tenk neem dus af, maar daar sal altyd 'n gedeelte oorbly.

Vette en olies wat in die septiese tenk beland, is geneig om in die skuimlaag bo-op die water te versamel en daar te bly.

Die biologiese proses word in hoofstuk 4 in meer besonderhede bespreek.

2.4.2.3 Opgaar van slyk en skuim

Die volume van 'n septiese tenk moet voorsiening maak vir die opgaar van slyk en skuim tussen skoonmaakbeurte. Indien die volume nie voldoende is nie, sal die slyk en skuim in die afloop uit die tenk beland wat dan sal meebring dat die kwaliteit van die afloopwater afneem.

2.4.2.4 Verwyderingstelsels

Hierdie proses bestaan uit twee fases. Eerstens moet die afloopwater op een of ander wyse verwyder word, en tweedens moet die skuim en slyk periodiek uit die tenk verwyder word.

Afloopwater uit die septiese tenk kan op verskillende maniere verwyder word. In die verlede is daar intensief gebruik gemaak van een of ander vorm van wegsyfering (Sien hoofstuk 7). Maar weens die gesondheidsrisiko daaraan verbonde, moes ander metodes gevind word. Een metode wat homself al in die buiteland bewys het, word in hoofstuk 3 bespreek.

Die slyk en skuim wat in die tenks opgaar, kan net deur een of ander fisiese metode verwyder word. 'n Suigtenker is die mees algemeenste metode wat deesdae gebruik word.


2.4.3 Ontwerpprosedure

'n Septiese tenk fungeer as 'n sedimentasie- en 'n verteringstenk (Drews, 1985). Omdat beide die prosesse in een tenk plaasvind, is hier teenstrydige vereistes. 'n Sedimentasietenk vereis stil, onversteurde toestande, terwyl deeglike vermenging vir vertering noodsaaklik is. Omdat vertering oor so 'n lang periode geskied, word die tenk ontwerp om te voldoen aan sedimentasie vereistes (De Villiers, 1987).

Die tenk se volume moet voorsiening maak vir ten minste 24 uur retensie (Drews, 1985; De Villiers, 1987; Otis en Mara, 1985; Schmidt, 1990) asook oor genoeg ruimte beskik om skuim en slyk te versamel sodat die tenk net elke 3 tot 5 jaar skoongemaak moet word. Alhoewel groot afwykings in die hoeveelheid slyk en skuim wat deur 'n enkel persoon in 'n septiese tenk bygedra kan word voorkom, kan tabel 2.1 en figure 2.6a en 2.6b, soos verskaf deur die WNNR, as riglyn gebruik word.

Tabel 2.1: Tempo van skuim en slyk aanwas (Drews, 1985, p 13).

Jare diens	Slyk en skuim aanwas (liter per persoon)	
1	95	93
2	120	152
4	175	244
6	235	323
8	305	400
10	385	476



Verwagte skoonmaak frekwensie

Figuur 2.6a: Septiese tenk kapasiteite vir huise (Drews, 1985, p 13).

Kapasiteit = $K \times$ Daaglikse vloei



Verwagte skoonmaak frekwensie

Figuur 2.6b: **Septiese tenk kapasiteite vir ander geriewe** (Drews, 1985, p 13).

Die syfers soos aangetoon in tabel 2.1 verteenwoordig gemiddeldes soos verkry deur die WNNR. Figuur 2.6 is gebaseer op die syfers soos aangetoon in tabel 2.1 met 'n retensieperiode van 24 uur.

2.4.4 Voor- en nadele

Die groot voordeel verbonde aan septiese tenks is dat die aanwending nie afhanklik is van die topografie nie. Sodra die verwyderingstelsel in gedrang kom, raak die topografie van die terrein in sommige gevalle 'n kwessie. 'n Klein diameter pypstelsel word byvoorbeeld tot 'n mate beperk deur die topografie. Die geaardheid en tipe grond kan stremmend wees as 'n syferslootstelsel gebruik word.

Daar kan dus afgelei word dat die verwyderingstelsel die grootste beperking op die gebruik van septiese tenks plaas.

2.5 Bewaartenks

Rioolwater word in die tenk afgelaat en bewaar totdat dit met 'n vragwa wat vir die doel toegerus is, verwyder kan word. Gewoonlik word net een huis, maar soms meer as een, aan 'n tenk gekoppel.

In die verlede is water vanaf die kombuis en badkamer nie in die bewaartenk gestort nie. Hierdie water is op 'n ander wyse, soos byvoorbeeld deur perkolasie in die grond in, verwyder. Weens strengere gesondheidsregulasies is hierdie praktyk egter stopgesit. Al die afvalwater moet nou in die bewaartenks gestort word.

2.5.1 Ontwerpprosedure

Die verwagte afloop van die huis of huise wat deur die tenk bedien word, moet bepaal word. Soos met alle ander rioolstelsels is die afloop ook 'n funksie van die aantal persone wat deur die tenk bedien word.

Na gelang van die aantal tenks in die gemeenskap en die aantal vragwaens wat die gemeenskap bedien, kan 'n skoonmaaksiklus bepaal word om hierdie vragwaens optimaal te benut. Die volume van die tenk moet beperk word om onnodige groot kapitaal uitgawes te beperk.

Die tenks word gewoonlik van standaard boumateriaal volgens die toepaslike bouregulasies vervaardig.

2.5.2 Voor- en nadele

Die stelsel is 'n verbetering van die emmerstelsel. Die riool word op meganiese wyses na die vragwa verwyder. Die erfbewoner se enigste taak is om te sorg dat die tenk gereeld gesuig word. Alhoewel die aanvanklike koste redelik laag is, is die bedryfskoste van hierdie stelsel, soos in die geval van die emmerstelsel, hoog.

2.6 Putlatrines

Putlatrines word algemeen gebruik in ontwikkelende lande, veral in die gebiede rondom stede waar die konsentrasie mense nog laag is. Die eenheid word saamgestel uit 'n struktuur, gewoonlik vanuit gegolfde plaat, wat oor 'n gat gebou word. Binne die struktuur is 'n hurkplaat of sitplek wat op 'n beton- of houtfondasie wat oor die gat span, gemonteer word. Die ekskreta val dan in die gat.

Sodra die gat byna vol is (ongeveer elke 5 jaar), word die gat opgevul, 'n nuwe gat gegrawe en die hele struktuur met al sy bybehore word na die nuwe gat verskuif. Die mees algemene probleme wat met die stelsel ondervind word, is slegte reuke, vlieë, muskiete, onstabiliteit van die struktuur en die gevaar wat dit mag inhou vir jong kinders. Bogenoemde probleme het meegebring dat die stelsel in onbruik verval het. In Zimbabwe het die Blair Navorsingsinstituut egter 'n oplossing vir die probleem gevind, naamlik die sogenaamde geventileerde putlatrines.

2.6.1 Beskrywing

Die grootste verbetering teenoor die gewone putstelsel is die aanbring van 'n ventilasiepyp met 'n vliegskerm aan die bo-punt. Die pyp verminder onaangename reuke en hou vlieë uit.

Ventilasie word teweeggebring as die wind oor die bek van die pyp waai. Lug word uit die pyp gesuig wat al die onaangename reuke uitdra. Vars lug word dan deur die struktuur of hurkplaat ingesuig. Die put behoort dan vry van onaangename reuke te wees.

Die reuke in die put trek die vlieë aan. Vlieë wat dan die put probeer indring, sal dan verhoed word om in die put te kom deur die vliegskerm op die ventilasiepyp. Indien dit wel gebeur dat vlieë die put binnedring en eiers lê, kan hulle nie weer uitgaan nie aangesien die enigste beligte uitgang deur 'n sif geblokkeer word.

Verdere verbeteringe is 'n ring wat op die boonste rand van die put aangebring word om ineenstorting te verhoed, 'n hoër vloerblad om die invloei van oppervlakwater af te sny en 'n stewiger en donker struktuur vir meer privaatheid.

2.6.2 Ontwerpprosedure

'n Put se ontwerplewe word gewoonlik as 10 jaar aanvaar. Die volgende formule word dan gebruik om die volume van 'n put, wat vlakker as 4m moet wees, te bepaal:

$$V = 1.33 C P N$$

waar:

V = volume van gat (m^3)

C = ontwerpskapasiteit (m^3 /persoon/jaar)

P = aantal gebruikers (persone)

N = ontwerpseleefityd (jare)

'n Waarde van ongeveer $0,06 m^3$ /persoon/jaar word gewoonlik vir C aanvaar (Mara, 1984). Indien lywige materiaal soos koerantpapier, mieliestronke, blare, gras of klippe in die latrine gebruik word, moet die put se ontwerpskapasiteit verdubbel word. Die faktor 1.33 laat toe dat die put teruggevul, of skoongemaak word as hy $3/4$ vol is.

Waar die put dieper as 4 m is, word die formule as volg aangepas:

$$V = C P N + 1$$


Die 1 laat toe vir 'n 1 m diep terugvul aan die einde van die put se leefityd. Figuur 2.7 toon 'n aantal tradisionele putlatrines aan.

2.6.3 Voor- en nadele



Omdat 'n putlatrine 'n rudimentêre vorm van rioolverwydering is, is dit baie goedkoop om te installeer en te bedryf. Geen water word benodig vir die bedryf van die stelsel nie en tog is die putlatrine 'n higiëniese oplossing waar toestande dit toelaat.

Die grootste nadeel aan die stelsel verbonde is dat die put verskuif moet word of skoongemaak moet word sodra hy vol raak. Die grondtoestande moet ook gunstig wees vir die latrine om effektief bedryf te word (ondeurdringbaar

en 'n lae watertafel). Aangesien die minimum aanbevole afstand vir die put vanaf die huis ongeveer 8 m is, vereis 'n putlatrine groot erwe. Huishoudelike afvalwater kan nie in die put gestort word nie.



Figuur 2.7a: **Verbeterde, geventileerde putlatrine**
(Mara, 1984, p 48).



Figuur 2.7b: **Dubbele, geventileerde putlatrine** (Rivett-Carnac, 1984, p 32).

2.7. Emmerstelsel

Ekskreta word in emmers versamel en dan van die terrein verwyder. Die emmers word gewoonlik onder 'n hurkplaat of 'n voetstuk met 'n sitplek in 'n buitegebou geplaas. Bewoners van die erf moet die emmers daagliks op 'n bepaalde plek buite die erf uitsit vanwaar dit dan deur arbeiders verwyder word (gewoonlik in die nag). Die emmers se inhoud word gewoonlik in 'n vragwa gestort waarna dit na 'n behandelingsaanleg of -terrein vervoer word. Voordat die riool by die terrein aankom, ondergaan dit geen vorm van behandeling nie.

Behandeling kan op verskillende wyses geskied, afhangende van die grootte asook die finansiële vermoë van die gemeenskap. Die riool kan in behandelingsdamme gestort, begrawe of toegelaat word om te verrot.

Die emmerstelsel word deesdae gereeld as tussentydse maatreël in plakkerkampe gebruik. 'n Sinkplaatstruktuur word gewoonlik tussen twee of meer gesinne gedeel. Die emmers word dan deur die plaaslike raad verwyder en in die bestaande stelsel of by 'n suiweringsaanleg gestort. Die emmerstelsel word vandag nog in sommige gedeeltes van dorpe en selfs stede as rioolverwyderingstelsel aangewend.

Deesdae word daar gepoog om sover as moontlik van hierdie stelsel weg te beweeg. Die nuutste filosofie is om 'n stelsel teen lae koste te installeer wat later opgegradeer kan word.

2.7.1 Ontwerpprosedure

Emmers moet van roesvrye materiaal met 'n kapasiteit van ongeveer 20 tot 25 liter vervaardig word.

Die raam van die sitplek moet op so 'n wyse vervaardig word dat die emmer reg onder die sitgedeelte pas. 'n Deksel oor die sitplek sal voorkom dat vlieë in die emmers kom.

2.7.2 Voor- en nadele

Een van die grootste nadele van hierdie stelsel is dat dit arbeidsintensief is en daarom duur is om te bedryf. Gelykstaande hieraan is die gesondheidsrisiko wat die verwydering van die emmers inhou. Weens die aard van die riool is dit ook baie moeilik om personeel te kry om die werk te verrig.

Die enigste voordeel van die stelsel is die lae installeringskoste. Emmers is redelik goedkoop en maklik bekombaar. Die sleepwa en die trekker of vragmotor kan gewoonlik teen redelike pryse op die tweedehandse mark bekom word.

Gebruikers aanvaar gewoonlik nie die stelsel nie. Emmers moet uitgesit word deur die gebruikers. Vlieë en muskiete raak veral in die warmer maande 'n groot oorlas.

2.8 Gietspoelstelsel

Die gietspoelstelsel het sy oorsprong in Indië gehad waar vir anale reiniging water gebruik word.

Die basis waarom die stelsel draai, is die seël wat geskep word deur water tussen die hurkplaat of toiletsitplek en die opgaartenk onder die toilet (Sien figuur 2.8). Dit verhoed dat enige onaangename reuke ontsnap asook dat insekte die stelsel binnedring. Water word gewoonlik met die hand op die bak gegiet om die ekskreta deur die waterseël, wat vlakker as dië van 'n konvensionele spoelriool is, te spoel. As die sisteem korrek ontwerp is, sal slegs sowat een tot twee liter water nodig wees vir die afspoel.

Die gietspoelstelsel kan aan 'n put, septiese- of bewaartenk gekoppel word. Indien 'n put gebruik word, kan die volume verminder word omdat vertering vinniger plaasvind onder vogtige toestande.

Die effektiwiteit van die waterseël kan die eienaar van 'n huis toelaat om die toilet binne-in sy huis te installeer en dan aan 'n tenk of 'n put buite die huis te verbind. Die gietspoelstelsel kan beskou word as 'n variasie van die konvensionele spoelriool.

2.8.1 Ontwerpprosedure

'n Tipiese gietspoelstelsel wat op 'n put of tenk geïnstalleer is, word in figuur 2.8 aangetoon. Indien die toilet in 'n huis geïnstalleer is en na 'n put of 'n tenk

buite die huis afloop, kan 'n vlakker vorm van die U-vorm waterseël gebruik word.


As die gietspoelstelsel aan 'n put verbind word, kan die formule vir die bepaling van 'n geventileerde put as volg aangepas word om die nodige volume van die nuwe put te verkry:

$$U = CPN \times 0.5$$

waar $C = 0.04 \text{ m}^2/\text{persoon}/\text{jaar}$ in vergelyking met 0,6 vir gewone putlatrines.

PLAAS BALLAM WATERSLOT
TOILET OP DIE REGTE POSISIE
OP DIE BASIS, MERK DIE GATE
OP DIE VLEKVRYE STAAL BODEM
UIT EN BOOR DIE GATE OM DIE
EENHEID MET 8 mm FISCHER
ANKERBOUTE OP DIE BODEM TE
BEVESTIG.

VOORDAT DIE VOETSTUK VASGEHEG
WORD, MOET N LAAG BITUMEN
AANGEBRING WORD OM N BEHOORLIKE
SEEL TE VERSEKER



Figuur 2.8: Detail van 'n "Ballam waterslot" (Ballam-Waterslot (PTY)LTD).

2.8.2 Voor- en nadele

Die grootste voordeel van die gietspoelstelsel is dat 'n waterseël met so min as 1 tot 2 liter water per spoel behou kan word in vergelyking met die 11 tot 15 liter wat deur die konvensionele spoelriool benodig word. Die laer volume water bring mee dat die lading op die verwyderingstelsels drasties afneem. Dit bring mee dat bewaartenks of septiese tenks se volume aansienlik verklein kan word en die retensietyd by 'n septiese tenk vermeerder word.

Die sisteem kan verbeter word deur dit aan 'n lae volume spoelbak te verbind en 'n meer effektiewe verwyderingstelsel te voorsien.

Alhoewel die stelsel in Indië suksesvol bedryf word, is dit te betwyfel of dieselfde hier in Suid-Afrika kan gebeur aangesien die beginsel van anale reiniging hier onbekend is. Omdat die stelsel nie lywige materiaal kan hanteer nie, moet gebruikers deeglik onderrig word in die gebruik van die stelsel. As dit nie gebeur nie, gaan die stelsel verseker misluk.

2.9 Waterlatrine (Aquaprivy)

Waterlatrines kan in drie groepe verdeel word:

- i) Eenvoudige of konvensionele waterlatrine,
- ii) selfvul of slyk waterlatrine en
- iii) aflaat waterlatrine

2.9.1 Konvensionele waterlatrine

Hierdie is die basiese vorm van 'n waterlatrine. 'n Konvensionele waterlatrine bestaan uit 'n hurkplaat bokant 'n klein septiese tenk. Die hurkplaat is met 'n 100-150 mm pyp aan die septiese tenk verbind. Die pyp se uitlaat is ongeveer 10-15 sentimeter onder die watervlak van die tenk. Die tenk het 'n klein luguitlaatpyp wat aan die struktuur wat oor die tenk en hurkplaat vir privaatheid aangebring word, gemonteer is. Die uitvloeisel uit die tenk word in 'n syfersloot, of iets soortgelyk, afgelaat.

Net soos in die geval van 'n normale septiese tenk vind 'n anaërobiese verteringsproses in die tenk plaas. 'n Stelselmatige opbouing van slik vind in die tenk plaas, ongeveer $0,03-0,04\text{m}^3/\text{gebruiker}/\text{jaar}$, wat verwyder moet word sodra die tenk $\frac{2}{3}$ vol is (Kalbermatten, 1980b).

2.9.2 Selfvul waterlatrine

Een van die grootste probleme wat met die konvensionele waterlatrine ondervind word, is die verbreking van die waterseël tussen die hurkplaat en die septiese tenk. Vir die stelsel om effektief te fungeer moet hierdie seël te alle tye behou word. Ten einde hierdie probleem te oorbrug is die selfvul waterlatrine ontwikkel.

Om die waterseël te behou word al die huishoudelike afvalwater in die septiese tenk gestort. As gevolg van hierdie groter toevloei word meer water uit die tenk vrygestel. Die verwyderingstelsels moet aangepas word om hierdie groter afloop te hanteer.



2.9.3 Aflaat waterlatrine

Hierdie stelsel is 'n verbeterde weergawe van die selfvul waterlatrine. Die septiese tenk bly dieselfde, maar die aflaat uit die tenk word nou in rioolpype weggevoer.

2.9.4 Ontwerpprosedure

Die tenks moet elke 2-3 jaar skoongemaak word. Die volume van die tenk word bepaal deur die aantal gebruikers. Elke gebruiker dra ongeveer $0,12 \text{ m}^3$ slyk per jaar tot die tenk by. Die water moet onegveer 1-2 m diep in die tenk wees. As die tenk dus vol is, moet die water in die tenk nog ten minste 1 m diep wees. Die tenks word as vol geag sodra $\frac{2}{3}$ van die volume deur slyk opgeneem word.

Laasgenoemde twee tipes waterlatrines het, anders as die konvensionele tipe, twee kompartemente ten einde hidrouliese steurnisse te verhoed. Figuur 2.9 toon 'n tipiese waterlatrine.



NOTA:

1. 'N HANDWASBAK KAN BYGEOVOEG WORD BOKANT DIE VERWYDERBARE BLAD. DIE DREINERINGSYP MOET 100 mm ONDER DIE WATERVLAK EINDIG OM 'N WATERSEEL TE VERSEKER.
2. ALLE AFMETINGS IS IN mm.

SNIT

Figuur 2.9: 'n Tipiese waterlatrine stelsel (Rivett-Carnec, 1984, p 55).

Verwyderingstelsels word in hoostuk 6 bespreek.

2.9.5 Voor- en nadele

Indien hierdie tipe stelsel behoorlik bedryf en onderhou word, is daar geen gesondheidsrisiko aan verbonde nie. Die stelsel sal nie verstop as die gebruiker materiaal soos koerantpapier, mieliestronke, blare, gras of klippe in die stelsel gebruik nie. Die stelsel vereis baie min ruimte aangesien die tenk deel van die struktuur is. Deur sorgvuldige beplanning, konstruksie en onderhoud kan hierdie stelsel as deel van 'n huis gebou word. Die stelsel is goedkoop om te onderhou en redelik maklik om op te gradeer.

Ten einde die tenk leeg te maak sal 'n plaaslike owerheid of ander buite-instansie betrokke moet raak. Die konstruksie moet deur gekwalifiseerde persone gedoen word aangesien die tenk waterdig moet wees. Klein, maar beduidende hoeveelhede water word vereis om die stelsel te bedryf.

Die meeste van die opgeloste organiese materiaal wat in die vleilande gestort word, word deur heterotopie mikro-organismes (figuur 7.1) afgebreek. Hierdie organismes sluit bakterieë, swamme en sommige alge in wat in die planktogene, epifitoties en bentoniet omgewings teenwoordig is (De Jong, Esser en Wuhrmann, aangehaal in Rogers, 1983). Die meer degradeerbare samestellings word vinnig afgebreek terwyl die meer weerbarstige samestellings teen 'n stadiger tempo opgebreek word.

Die meeste van die gesuspendeerde organiese materiaal wat in die vleiland invloei, sak uit as gevolg van die afname van die water se snelheid. Die maklik bio-degradeerbare verbindings word vinnig deur die heterotopie mikro-

organismes gebruik, terwyl die moeiliker samestellings in die sediment opgeneem word. Die verwydering van die organiese materiaal vanaf afvalwater word dus hoofsaaklik deur bakterieë, swamme en, tot 'n mindere mate alge gedoen.

2.10 Opsomming

'n Groot aantal rioolverwyderingstelsels is in hierdie hoofstuk ondersoek. Al hierdie stelsels kom in Suid Afrika voor. Behalwe van die konvensionele stelsel het nog nie een ander stelsel byval by die publiek of owerhede gevind nie.

Die konvensionele stelsel sal altyd die norm wees waarteen 'n rioolstelsel beoordeel word. Daarom is dit noodsaaklik dat 'n goedkoper plaasvervanger gevind word wat dieselfde doel dien, maar teen 'n laer koste geïnstalleer en bedryf kan word. Hierdie stelsel moet nie net 'n korttermyn oplossing bied nie, maar waar moontlik moet hy die konvensionele riool vervang.

Nog 'n kwessie wat deesdae meer algemeen in die Suid Afrikaanse pers bespreek word, handel oor die besoedeling van Suid-Afrika se beperkte waterbronne (Wood, 1990; Wood & Hensman, 1988; Kolbe, 1991; Little, 1990; Hensman, 1990; Smith-Vargo, 1991; Timmermans, 1990). 'n Groot bron van besmetting is gewoonlik sommige van die stelsels wat in hierdie hoofstuk bespreek is.

HOOFSTUK 3

LAE KOSTE RIOOLVERWYDERINGSMETODES

3.1 Inleiding

Die Rioolverwyderingstelsel is gewoonlik die oorheersende faktor wanneer 'n sanitasieselsel vir 'n sekere toepassing gekies moet word. In sommige gevalle vorm die verwyderingstelsel 'n intergrale deel van die sanitasieselsel (konvensionele riool), terwyl die ontwerper in ander gevalle geen keuse het nie (put-latrine en emmerstelsel).

Soos reeds vermeld in hoofstuk 2, paragraaf 2. kan rioolverwyderingstelsels in drie groepe verdeel word:

- i) verwydering na 'n verwerkingstelsel op die terrein,
- ii) verwydering na 'n verwerkingstelsel op 'n ander terrein of
- iii) 'n kombinasie van die twee.

3.2 Verwerkingstelsel op die terrein

3.2.1 Beskrywing


Rioolwater word gewoonlik deur middel van 'n konvensionele interne stelsel na een of ander vorm van syferput op 'n deel van die erf afgevoer. (Syferputte en alternatiewe stelsels word in hoofstuk 7 bespreek.)

Hierdie vorm van rioolverwydering asook verwerking het 'n baie beperkte toepassing. Die Departement van Waterwese en Bosbou het in 1991 die volgende kriteria neergelê wat deeglik ondersoek moet word alvorens enige vorm van syferputte op 'n terrein toegelaat word:

- * die diepte, absorbeer- en vogretensievermoë van die substrata
- * helling van die terrein
- * nabyheid van ondergrondse asook bogrondse waterbronne
- * aanwending van enige waterbronne wat beïnvloed mag word, veral as dit vir menslike gebruik is en
- * huidige en verwagte bevolkingsdigtheid.

Indien gemeenskappe afhanklik is van bronne wat moontlik deur hierdie tipe stelsel besmet kan word, moet 'n alternatiewe oplossing vir die sanitasieprobleme ondersoek word.

Figuur 3.1 toon 'n vloiediagram met verskilende opsies om die regte rioolafvalwater verwerkingsmetode vir 'n spesifieke grondtoestand te kies vir die verwerking op die terrein.



Figuur 3.1: Vloeiendiagram vir rioolverwerking op terrein (University of Winsconsin, 1978, p 58).

3.2.2 Ontwerpprosedure

Die basiese beginsels wat op interne rioolnetwerke van toepassing is, word hier gebruik. Die minimum helling waarteen die pype geïnstalleer mag word, is 1 : 60. Standaard ontwerpprosedures soos vervat in "Guidelines for the provision of engineering services for residential townships", soos uitgegee deur die voormalige Departement van Gemeenskapsontwikkeling, word in bylae A gelys.

Die ontwerp van die verskillende syferputte word in hoofstuk 5 bespreek.

3.2.3 Sosiale, Ekonomiese en Politieke gevolge

Hierdie vorm van rioolverwerking word al vir baie jare in Amerika gebruik (University of Wisconsin, 1978). Volgens Goddard (1976) word die sosiale en ekonomiese inpak van 'n rioolverwerkingstelsel op 'n terrein gewoonlik in grondaanwendings aangeleenthede gemanifisteer. Ondersoeke deur bogenoemde persoon het aan die lig gebring dat slegs 32% van alle grond in Amerika vir hierdie tipe stelsel geskik is. Aangesien die gebruik van grond en bewaring van grond in Suid-Afrika deesdae 'n brandpunt geword het, is dit belangrik dat hierdie kwessies vooraf ondersoek word.

Die volgende sosiale, ekonomiese en politieke aangeleenthede word deur Goddard (1976) onderstreep:

- * As gevolg van die lae persentasie grond (in Amerika) wat vir hierdie tipe rioolstelsel geskik is, word 'n premie op hierdie tipe grond geplaas wat meebring dat grondpryse onrealisties kan styg. Dit bring mee dat mense poog om die politiese omgewing te stimuleer vir toegewings of veranderings.
- * Indien dit sou gebeur dat 'n premie op die waarde van 'n terrein geplaas sou word omdat hy geskik sou wees vir rioolverwerking op die terrein, sal grond (sg. ongeskikte grond) se waarde daal. Oningeligte verbruikers kan dan hierdie grond bekom en te laat besef dat die ontwikkelingskoste veel hoër sal wees as wat aanvanklik beraam is.
- * Indien 'n area vinnig ontwikkel, kan die streng toepassing van regulasies meebring dat alternatiewe stelsels geïnstalleer moet word. Aanvanklike lae koste

vir dienste kan die groei van 'n gemeenskap stimuleer wat sal meebring dat die sosiale struktuur verander.

- * Die bewaring van prima landbougrond is van die uiterste belang vir 'n ontwikkelende gemeenskap. In baie gevalle is terreine wat geskik is vir rioolverwerking op die terrein prima landbougrond.
- * 'n Groot politieke struikelblok is die kommunikasiegaping tussen die tegniese personeel wat die regulasies opstel en toepas en die algemene publiek. Die publiek raak gefrustreerd, ongeduldig en moeg vir al die burokrasie wat met die regulasies gepaard gaan en veg terug deur middel van politieke proses.
- * Die ekonomiese waarde wat gekoppel kan word aan epidemies en relevante siektes het 'n groot impak op die bevolking. Die stygende koste van mediese behandeling en publike gesondheidsadministrasie het 'n besparingseffek in gemeenskappe waar regulasies streng toegepas word. Verlore man-ure, hospitaalkostes, versekeringspremies en ander direkte en indirekte kostes moet oor die langtermyn geëvalueer word.

Suid-Afrika staan nou ook voor dieselfde uitdagings as wat Amerika in die sewentiger jare moes trotseer. Dus kan 'n parallel tussen die situasie in Amerika en dié in Suid-Afrika getrek word.

Om hierdie punt te illustreer noem Goddard (1976) die volgende voorbeeld wat vandag van toepassing is op Suid-Afrika. In die staat Pennsylvania het die gemeenskap van Gettysburg oorwegend van sypelbeddings gebruik gemaak vir rioolverwydering en -verwerking. Omdat die gemeenskap oor 'n groot gebied versprei was, is regulasies nie te streng toegepas nie aangesien hulle geen ander rioolstelsel kon

bekostig nie. Die tendens van 'n tweede huis vir ontspannings- of aftree-doeleindes het die gemeenskap binne die bestek van 'n paar jaar laat ontplof, aangesien Gettysburg naby groot metropolitaanse gebiede soos Washington en Baltimore is. Skielik word groot name in die ontspanningsbedryf aan die dorpie gekoppel. Die plaaslike gemeenskap, oorwegend landbougemeenskap, is oornag oorrompel deur die 20ste eeu. Owerhede het te laat besef dat regulasies vir rioolstelsels onvoldoende was. Die situasie kon eers na 10 jaar se onderhandelinge en 'n enorme kapitale inset beredder word.

Die regulasies wat deur die Departement van Waterwese en Bosbou neergelê is, spreek baie van die faktore wat deur Goddard (1976) uitgewys is aan. Streng toepassing van hierdie regulasies in 'n vroeë stadium mag moontlik verhoed dat Suid-Afrika voor dieselfde dilemma te staan kom as Amerika.

3.3 Rioolverwydering na 'n ander terrein

Behalwe meganiese metodes wat gewoonlik relatief duur is (byvoorbeeld emmerstelsels, suigputte en vakuumstelsels), is daar net twee metodes wat onafhanklik funksioneer wat geskik is vir toepassing in ontwikkelende lande (Otis & Mara, 1985);

- * Konvensionele gravitasieriole en ;
- * Klein diameter riole.

3.3.1 Konvensionele Riolverwyderingstelsels

3.3.1.1 Beskrywing

Hierdie tipe stelsel word oor die algemeen reg oor die wêreld gebruik. Aangesien die stelsel gewoonlik besonder duur is en dus nie werklik 'n lae koste stelsel is nie, word dit nie verder bespreek nie. Bylae A toon die ontwerpprosedure soos vervat in "Guidelines for the provision of engineering services for residential townships", soos uitgegee deur die voormalige Departement van Gemeenskapsontwikkeling wat geld as algemene standaard vir dorpsontwikkeling.

3.3.2 Klein diameter rirole

3.3.2.1 Beskrywing

Klein diameter rioolstelsels is relatief onbekend in Suid-Afrika. Hierdie tipe stelsel is al met groot sukses in lande soos Amerika, Australië, Nigerië, Zambië en Zimbabwe geïnstalleer (World Bank TAG note 14). Een van baie min klein diameter stelsels wat in Suid-Afrika aangetref word, kom in die myndorp Alexanderbaai aan Suid-Afrika se noord-oostelike grens voor. Die stelsel word, volgens die myningenieur, al vir die afgelope 50 jaar sonder probleme bedryf.

Schmidt et al. (1986) definieer 'n klein diameter rioolstelsel as 'n rioolstelsel wat net anaërobies-gekondisioneerde afvalwater vanaf gebruikers na geselekteerde punte vervoer deur gebruik te maak van die energieverkil wat ontstaan as gevolg van die

hoogteverskil tussen die begin- en eindpunte. Hierdie rioolstelsel word uit die volgende komponente (Otis & Mara, 1985) saamgestel: 'n interne geslote rioolnetwerk op die erf wat in 'n onderskepper in die vorm van 'n septiese tenk dreineer, 'n PVC- of soortgelyke pyp wat die septiese tenkuite late met mekaar verbind, steekoë en mangate, ventilasiepunte en pompstasies.

*** Huisaansluitings**

'n Konvensionele geslote interne netwerk word gebruik om die afvalwater na die onderskepper af te voer. Hierdie netwerk word volgens standarde, soos neergelê vir 'n konvensionele netwerk, geïnstalleer. (Sien bylae A.)


*** Onderskepper**

Die doel van die onderskepper is om soliedes van die water te skei, die soliedes agter te hou en water in die netwerk uit te laat (Van der Westhuizen, 1990). 'n Effens aangepaste vorm van die septiese tenk word gewoonlik vir hierdie doel aangewend. Basiese septiese tenks is reeds in hoofstuk 2, paragraaf 2.4 beskryf. Die onderskepper word breedvoerig in hoofstuk 5 bespreek.

*** Rioolnetwerk**

Uitlate van septiese tenks word met 'n PVC of soortgelyke pyp aan mekaar verbind. Dieselfde kriteria wat by die bepaling van 'n konvensionele stelsel se roete van toepassing is, word ook vir die roetebepaling van die klein diameter riool gebruik. Anders as by konvensionele stelsels word die pype nie met 'n uniforme helling van mangat tot mangat gelê nie. Dit beteken dat 'n klein diameter riool wisselende hellings tussen twee knooppunte kan hê. Dit impliseer dat die helling op sekere plekke opwaarts kan wees wat sal meebring dat die water onder statiese toestande stilstaan. Horisontaal kan die

rioollyn om enige obstruksie soos byvoorbeeld 'n rotsblok of ander hindernis bely n word sonder om die effektiwiteit te benadeel. Tydens die ontwerp van 'n klein diameter rioolstelsel is die oogmerk om die energie wat ontstaan weens die hoogteverskil tussen die stroomop en stroomaf end van die pyp maksimaal te benut. Figuur 3.2 toon die posisie van die onderskepper in verhouding met die res van die rioolstelsel.



Figuur 3.2: **Tipiese erf riooluitleg** (Schmidt et al., 1986, p 5).

* **Mangate en steekoë**

Mangate en steekoë verleen toegang tot die stelsel. Mangate word sover as moontlik beperk weens die infiltrasie van grond, sand en ander ongewenste artikels (Schmidt et al., 1986). Steekoë word verkies omdat hulle dig geseël kan word en versteek kan word onder die grond.

* **Ventilasiepunte**

Ten einde vryvloeitoestande in die pypnetwerk te verseker moet ventilasiepunte voorsien word in die

stelsel. Gewoonlik is die vetilasiepunte by 'n huis voldoende. 'n Uitsondering is egter wanneer die helling varieer en 'n hoë punt vorm. Indien 'n huisaansluiting nie op so 'n punt aangebring kan word nie, moet 'n aansluitkas met 'n geventileerde deksel, steekoog of ventilasieklep voorsien word.

* **Pompstasies**

'n Pompstasie mag soms nodig wees om 'n netwerk te voltooi of by 'n sekere punt aan te sluit. Deeglike ondersoek moet gedoen word om vas te stel of die pompstasie ekonomies regverdigbaar is.

Klein diameter rirole word opgedeel in twee groepe (Schmidt et al., 1986). Die eerste groep se pype word op relatief konstante hellings gelê (soos vir 'n konvensionele stelsel), terwyl die tweede groep se hellings gedurig varieer en op sommige plekke selfs opwaarts kan wees. Die verskil tussen die twee groepe is hoofsaaklik tydens die ontwerpfase ter sprake.

Weens die afwesigheid van soliedes in die water is slegs die netto helling van die pyp van belang (Simmons & Newman, 1985; Schmidt et al., 1986; Otis & Mara, 1985). Om dieselfde rede is die skoonspoelsnelheid ook nou baie laer, ongeveer 0,3 l/s wat meebring dat 'n baie platter helling gebruik kan word (Schmidt et al., 1986; Otis & Mara, 1985). Die afwesigheid van die soliedes bring ook mee dat die aanvanklike hellings, soos benodig vir 'n konvensionele rioolstelsel, baie platter kan wees met die resulterende besparing van uitgraving.

Hierdie rioolstelsel is baie geskik vir ontwikkelende lande aangesien minder vaardighede nodig is vir die installasie van die stelsel, konstruksie op 'n arbeidsintensiewe (werkskeppende) basis kan geskied en die stelsel baie buigsaam is om aan te pas by

omstandighede. Indien 'n gebied alreeds deur septiese tenks bedien word, kan die tenks met geringe aanpassings deur middel van 'n klein diameterstelsel gedreineer word.

3.3.2.2 Toepassing in die Suid-Afrikaanse milieu

In 1987 het die firma Lillicrap Crutchfield Cragg & Vennote van Port Elizabeth op versoek van die Kaapse Provinsiale Administrasie (K.P.A.) die wenslikheid vir die installasie van 'n klein diameter rioolstelsel vir die gemeenskap van Marselle naby die Boesmansriviermond ondersoek (Timmermans, 1990). Die stelsel is in 1988, na aanpassing deur die Kaapse Provinsiale Administrasie (Van der Westhuizen, 1990) geïnstalleer. Volgens navrae by die K.P.A. funksioneer die stelsel op hierdie stadium nog sonder enige probleme.

Hierdie stelsel word tans deur die betrokke owerhede geëvalueer. Die wetslae van hierdie projek sal tot 'n groot mate bepaal of nog geld in soortgelyke stelsels belê gaan word. Van der Westhuizen (1990) sluit sy artikel oor bogenoemde stelsel met die volgende paragraaf af:

" it is believed small bore sewers as a waste water disposal option offers an appropriate and affordable solution to the problems of not only low income but also more affluent communities in rural areas in particular and should in fact be seen as an option offering vast opportunities to conserve cost, capital and water and to develop and sustain the self-help potential latent in such communities"

(p 34)

Die afleiding wat Van der Westhuizen (1990) maak word onderskryf deur Otis en Mara (1985) en al die ander,

naamlik dat die klein diameter rioolstelsel veral geskik is vir lae inkomste gemeenskappe omdat dit 'n hoë mate van gebruikers gerief daarstel. Owerhede is ook tevrede met die koste en inset verbonde aan die installasie en onderhoud van die stelsel.

3.3.2.3 Voordele en nadele verbonde aan die klein diameter rioolstelsel bo 'n konvensionele stelsel

Ten einde die geskiktheid vir gebruik in Suid-Afrikaanse omstandighede te evalueer is dit nodig om die klein diameter riool met die konvensionele rioolstelsel te vergelyk aangesien dit die norm is waarteen die stelsel gemeet gaan word.

Voordele

- * Die afwesigheid van soliedes en die retensie van die afloop deur 'n onderskepper bring mee dat die afloop in die pype baie laer is, met die gevolg dat die spitsvloei in die netwerk ook laer is. 'n Spitsfaktor van hoogstens 2 word aanbeveel, terwyl die minimum vloeisnelheid in die pype so laag as 0,3 m/s kan wees met gradiënte wat soms negatief kan wees op voorwaarde dat die netto gradiënt van begin tot einde positief is (Simmons & Newman, 1985). Otis en Mara (1985) beveel ook 'n spitsfaktor van ongeveer 2 in die afwesigheid van voldoende inligting om die teendeel te bewys aan. Volgens Schmidt et al. (1986) bepaal die wateroppervlakte van die onderskepper tesame met die tipe inlope die spitse wat verwag kan word.
- * Verminderde konstruksiekostes kan voorkom, aangesien minder of in sommige gevalle geen mangate benodig word nie. Pype kan nie net vlakker nie, maar ook tot 'n sekere mate rondom of oor vertikale of horisontale

obstruksies gelê word. Plastiese pype en passtukke kan gebruik word (Otis & Mara, 1985).

- * Verminderde suiweringsbehoefte aangesien sifting, verwydering van grint en soliedes, en die sedimentasie van die meeste gesuspendeerde soliedes al klaar op die terrein plaasgevind het met die daarmee gepaardgaande vermindering in die bruto suurstofbehoefte (BSB) van ongeveer 60% en fekalieë coliform (faecal coliform) van ongeveer 90% in die onderskeppers (Otis & Mara, 1985).
- * Verminderde water infrastruktuurkoste (Van der Westhuizen, 1990).
- * Verminderde algemene onderhoud en bestuursbehoefte (Emslie, 1986).
- * Geskiktheid as gemeenskap self help projekte (Otis, & Mara, 1985) asook in ooreenstemming met regeringsbeleid van die 'gebruiker betaal' (Van der Westhuizen, 1990).
- * Verminderde arbeidskoste aangesien lae- en ongeskoolde arbeid gebruik kan word (Emslie, 1986).
- * Verminderde aantal pompstasies aangesien platter gradiënte gebruik word (Schmidt et al., 1986).
- * Aangesien pompstasies net skoon water moet pomp sal die pomptoerusting baie goedkoper wees (Schmidt et al., 1986).
- * Aangesien net water in die netwerk afgevoer word, sal die neiging om te verstop verminder (Emslie, 1986).

- * Verminderde infiltrasie en invloei (Schmidt et al., 1986).
- * Die stelsel kan maklik aangepas word om in te skakel by bestaande septiese- of bewaartenks asook bestaande konvensionele stelsels (Emslie, 1986).

Nadele

- * Die grootste nadeel verbonde aan die klein diameter riool is die feit dat die onderskeppertenks gereeld skoongemaak moet word ten einde verstoppings in die pypstelsel te voorkom (Otis & Mara, 1985).
- * 'n Deeglike bestuurs- en onderhoudsprogram word vereis om die effektiwiteit van die stelsel te verseker (Schmidt et al., 1986).
- * Swak ontwerpe kan reuk- en korrosieprobleme veroorsaak (Van der Westhuizen, 1990).
- * Hoë koste van die onderskeppertenks (Emslie, 1986).

3.3.2.4 Ontwerp

Die basiese stappe om 'n klein diameter rioolstelsel te ontwerp is as volg:

- i) Horisontale uitleg van die stelsel: oorwegings wat van toepassing is vir roetebepaling van 'n konvensionele rioolstelsel geld origens ook hier (Otis & Mara, 1985).
- ii) Stip die vertikale grondprofiel aan.
- iii) Dui die verwagte aansluitingspunte van die onderskeppertenks se uitlate, beide in die

horisontale sowel as vertikale verband, op die lengtesnitte aan.

- iv) Bepaal die aantal huise wat elke been sal bedien.
- v) Bepaal die aflope vanaf die huise asook die spitsaflope wat in die onderskeie dele van die netwerk verwag kan word.
- vi) Deur een van die empiriese formules vir pypvloei te gebruik, bepaal die vloei in die pype. Volvloei- toestande kan gebruik word asook 'n geskikte wrywingsfaktor om aan te pas by die tipe pype wat gebruik gaan word.
- vii) Stip die maksimum hidrouliese gradiënt aan vir die voorgestelde sektor van die netwerk op die grondprofiel.
- viii) Verander die pypdiameters, diepte van die uitgraving en helling van die pype om te verhoed dat die water onder spitsvloei toestande terug stoot in een van die septiese tenks.
- ix) Bepaal of enige pompstasies, terugslagkleppe of lugkleppe op die netwerk benodig word (Simmons & Newman, 1985).

Bogenoemde stappe dien slegs as 'n riglyn. Elke netwerk moet behoorlik ontleed word. Aandag moet veral geskenk word aan afwykings.

Omdat die sisteem geslote is, moet deeglike aandag aan die ventilasie van die stelsel geskenk word. Elke onderskepper moet kan ventileer, alle plekke in die netwerk waar lug vasgevang kan word, moet geventileer word. Elke aansluitingspunt moet as ventilator kan dien. Daar moet dus 'n vry vloei van lug vanaf die aansluiting tot by die ventilasiepunt van die onderskeppertenk aan die huis wees.

Meganiese of elektriese toerusting moet verkieslik vermy word. Indien 'n lugklep op 'n pyp voorsien moet word,

kan 'n steekoog of iets soortgelyks eerder gebruik word.
Die netwerk moet sover as moontlik onderhoudvry wees.

3.4 Opsomming

Klein diameter rioolstelsels is 'n nuwe konsep vir Suid-Afrika. Die literatuur dui daarop dat die stelsel met 'n paar klein aanpassings moontlik 'n oplossing kan bied nie net vir lae inkomste behuising nie, maar ook vir ander toepassings waar 'n konvensionele stelsel nie regverdigbaar is nie.

Die grootste beperking van hierdie rioolstelsel is die feit dat die onderskepper op 'n gereelde basis leeg gesuig moet word. Indien hierdie skoonmaakproses nie gereeld gebeur nie, kan die uitvloeiende wat soliedes bevat, dalk in die netwerk beland wat dan kan meebring dat die pype verstop. Nog 'n vraag wat onmiddellik opduik is hoe bepaal moet word wanneer die tenk uitgesuig moet word, met ander woorde wanneer word die volume slyk in die tenk 'n gevaar vir die werking van die rioolnetwerk.


Aangesien die onderskepper 'n aangepaste septiese tenk is, vind daar biologiese prosesse in die tenk plaas (Otis & Mara, 1986). Die moontlikheid dat hierdie prosesse verbeter of versnel kan word, het beslis aandag nodig. Indien die effektiwiteit van die onderskepper verbeter kan word en eerder as 'n tipe reaktor aangewend kan word, sal die stelsel meer aanvaarbaar wees.

HOOFSTUK 4

BIOLOGIESE PROSESSE

4.1 Inleiding

Die eienskappe van afvalwater vanaf huise asook ander bronne in 'n gemeenskap het nie net 'n invloed op die rioolstelsel nie (hoofstuk 2), maar beïnvloed ook die effektiwiteit van die rioolverwerking en stortingsmetode. Verskillende huishoudings gebruik water op verskillende maniere op verskillende tye van die dag. Dit bring mee dat afvalwater met verskillende grade van aggressiwiteit op verskillende tye van die dag in die rioolstelsel gestort word (University of Winsconsin, 1978). Figuur 4.1 toon grafies die verhouding tussen die aggressiwiteit van die rioolafloop vanaf 'n konvensionele huishouding en die volume oor 'n 24 uur periode.



Figuur 4.1: Die verhouding tussen die aggressiwiteit van huishoudelike riool en die volume oor 'n 24 uur periode (Tebbutt, 1983, p 20).

In 1908 het 'n Koninklike Kommissie oor Rioolwatersuiwering, wat in 1898 in Brittanje aangestel is die volgende definisie vir rioolwater verskaf: Rioolwater bestaan oor die algemeen uit 'n southoudende mengsel in oplossing asook stikstofhoudende en koolstofhoudende organiese materiaal in

oplossing en in suspensie tesame met 'n sekere hoeveelheid rioolgruis en minerale materiaal (Tebbutt, 1983).

Om rioolwater te kan suiwer is dit belangrik dat die samestelling eers ontleed word. Soos reeds beskryf in hoofstuk 2 bevat gemiddelde rou riool slegs sowat 1000mg soliedes per liter in oplossing en suspensie, terwyl die oorblywende 99.9% water is (Tebbutt, 1983). Ongelukkig is dit nie voldoende om net die samestelling van die soliedes te bepaal nie, aangesien skoon natuurlike water net soveel soliedes kan bevat as rou riool.

Drie hooftipes organiese materie kan volgens Tebbutt (1983) onderskei word:

- a) Koolhidrate (CHO) wat onder andere koolstof, waterstof en suurstof bevat. Voorbeelde hiervan is suikers, byvoorbeeld glukose $C_6H_{12}O_6$, stysels en sellulose.
- b) Stikstofhoudende verbindings (CHONS) wat koolstof, waterstof, suurstof, stikstof, en soms swawel bevat. Die hoofbestanddele van hierdie groep is proteïene (wat komplekse molekules is), aminosure (wat die basis van proteïene vorm) en ureum. Die stikstof in hierdie verbindings word as ammoniak gedurende die oksidasieproses herwin.
- c) Vetstowwe (CHO) wat koolstof, waterstof en 'n klein hoeveelheid suurstof, wat effens oplosbaar in water is, maar in organiese oplossings oplos, bevat.

4.2 Fisiese eienskappe

- a) **Temperatuur:** Hierdie eienskap is belangrik as gevolg van sy effek op ander eienskappe, byvoorbeeld die versnelling van chemiese reaksies, vermindering van die vloeibaarheid van gasse en verandering van smake en reuke.

- b) Smake en reuke: As gevolg van opgeloste onsuierhede, gewoonlik organies van aard, is dit baie moeilik om hierdie eienskap te meet.
- c) Kleur: Gewone drinkwater is nie kleurloos nie. Groot hoeveelhede water het 'n ligte blou-groen skynsel. Daar moet onderskei word tussen ware kleur as gevolg van materiale in oplossing en skynbare kleure as gevolg van materie in suspensie. Organiese sure is verantwoordelik vir die geel kleur wat soms in waterstrome voorkom. Hierdie sure is geheel en al skadeloos aangesien dit dieselfde tipe looisuur is as wat in tee voorkom. Water met 'n hoë suurstofinhoud het 'n beter kleur as water met 'n lae suurstofinhoud.
- d) Troebelheid: Gesuspendeerde soliedes teenwoordig in water veroorsaak 'n dowwe skynsel wat nie net onaanvaarbaar is nie, maar ook gevaarlik kan wees.
- e) Soliedes: Soliedes kan in water teenwoordig wees of in suspensie en/of in opgeloste vorm. Verder kan soliedes ook nog opgedeel word in organiese en anorganiese materiaal. Totaal opgeloste soliedes is die gevolg van oplosbare materiaal wat in rou riool voorkom, terwyl gesuspendeerde partikels diskrete partikels in die water is wat gemeet kan word deur die water deur fyn papier te laat filtreer.
- f) Elektriese geleidingsvermoë: Die geleidingsvermoë van 'n oplossing hang af van die hoeveelheid opgeloste soute teenwoordig en in die geval van verdunde oplossings is dit proporsioneel tot die totale opgeloste soliede-inhoud.

4.3 Chemiese eienskappe

- a) pH: Die pH dui die intensiteit van die basis- of suurgehalte van die water aan. Die pH dui in werklikheid net die konsentrasie waterstofione wat in die water teenwoordig is aan ($\text{pH} = -\log_{10}[\text{H}^+]$).

- b) Oksidasie-reduksie-potensiaal (ORP): In 'n stelsel wat geoksideer word, is daar gedurig 'n verandering in die verhouding van materiale wat in die geoksideerde vorm is asook van materiale wat in die gereduseerde vorm is. In so 'n situasie word die potensiaal benodig om elektrone van 'n geoksideerde vorm na 'n gereduseerde vorm oor te dra uitgedruk as:

$$\text{ORP} = E^{\circ} - \frac{0.059}{z} \log_{10} \frac{[\text{produkte}]}{[\text{reaktans}]}$$

waar E° = sel oksidasie potensiaal

en z = aantal elektrone in die reaksie is.

Operasionele ondervinding (Tebbutt, 1983) het getoon dat ORP-waardes kritiek is by verskeie oksidasiereaksies.

Aërobiese reaktors se ORP waarde is ongeveer $> 200\text{mV}$, terwyl anaërobiese reaksies plaasvind onder 50 mV .

- c) Alkaliniteit: Alkaliniteit is 'n nuttige eienskap van rioolwater aangesien dit 'n buffer daarstel wat veranderinge in die pH teenwerk.
- d) Suurgehalte: Die meeste natuurlike water en huishoudelike riool word beskerm deur 'n $\text{CO}_2\text{-HCO}_3^-$ bufferstelsel. Die koolsuurverbinding H_2CO_3 word eers ten volle geneutraliseer sodra die pH bo 8,2 gaan, maar sal ook nie die pH laer as 4,5 laat daal nie. Dus behou koolsuurgas sy suurgehalte tussen 'n pH van 8,2 en 4,5. Suurgehalte word gewoonlik uitgedruk in terme van CaCO_3 .
- e) Hardheid: Hierdie eienskap van water verhoed dat skuim vorm en veroorsaak 'n neerslag in warmwaterstelsels.
- f) Opgeloste suurstof: Suurstof is die belangrikste element in die kwaliteitsbeheer van water. Suurstof se teenwoordigheid is belangrik om biologiese lewe aan die gang te hou. Indien rioolwater in 'n rivier afgelaat sou word, sal die effek op die rivier afhang van die hoeveelheid suurstof wat in die water teenwoordig is. Ongelukkig kan suurstof net tot 'n beperkte mate in water oplos.
- g) Suurstofbehoefte: Organiese samestellings is oor die algemeen onstabiel en kan biologies of chemies geoksideer word na stabiele eindprodukte soos CO_2 , NO_3

en H_2O . Deur die hoeveelheid suurstof te bepaal wat nodig sal wees om rioolwater te stabiliseer kan 'n aanduiding van die hoeveelheid organiese inhoud van rioolwater verkry word (Dillard & Goldberg, 1985). Drie verskillende norme kan vir hierdie doel gebruik word:

- i) Biochemiese suurstofbehoefte (BSB): dit is die suurstof wat deur mikro-organismes benodig word om organiese materiaal af te breek.
- ii) Permagenaat waarde (PV): chemiese oksidasie deur van 'n potasium permagenaat oplossing gebruik te maak.
- iii) Chemiese suurstofbehoefte (CSB): chemiese oksidasie deur verhitte potasium dichromaat en gekonsentreerde swawelsuur.

Die antwoorde grote orde van bogenoemde waardes word gewoonlik as volg gerangskik: $PV < BSB < CSB$.

- h) Stikstof: Hierdie is 'n belangrike element aangesien biologiese reaksies slegs kan plaasvind indien daar genoegsame stikstof teenwoordig is. Vir die doeleindes van hierdie werkstuk word net vier hoofvorms van stikstof aangespreek, nl:
 - i) Organiese stikstof: stikstof in die vorm van proteïene, aminosure en ureum,
 - ii) Ammonia stikstof: stikstof as ammoniasoute, byvoorbeeld $(NH_4)_2CO_3$, of as ammonia,
 - iii) Nitriet stikstof: 'n oorgangsoksidasiefase wat gewoonlik nie in groot hoeveelhede teenwoordig is nie en
 - iv) Nitraat stikstof: finale oksidasieproduk van stikstof.
- j) Chloried: Chloried is verantwoordelik vir die wrang smaak in besoedelde water en dui dus daarop dat die water besoedel kan wees, moontlik as gevolg van die chloried-inhoud van urine.

Ten einde die rioolafvalwater te verwerk is daar 'n wye verskeidenheid rioolverwerkingsmetodes deesdae beskikbaar, maar net 'n paar is ekonomies en ekologies aanvaarbaar (hoofstuk 7).

4.4 Biologiese Rioolverwerking

4.4.1 Ensieme


Ensieme (proteïenmolekules) en organiese katalisators beheer die tempo waarteen sekere biologiese reaksies paasvind (Dilard & Goldberg, 1978). Die organiese katalisators word deur lewende organismes geproduseer en versnel die tempo van die reaksie sonder om deur die biologiese proses verbruik te word en sonder om die balans van die reaksie te versteur. Ensieme is baie sensitief vir omgewingsfaktore soos temperatuur, pH, metaalione en dien net as katalisators vir spesifieke reaksies. Die verskillende ensieme word geklassifiseer volgens die tipe reaksie wat hulle kataliseer. Tebbutt (1983) beskou die volgende reaksies wat met ensiemkatalisators versnel kan word belangrik in biochemie:

- * Oksidasie - die byvoeging van suurstof of verwydering van waterstof
- * Reduksie - die byvoeging van waterstof en verwydering van suurstof
- * Hidrolise - die byvoeging van water by groot molekules wat resulteer in die afbreek na kleiner molekules
- * Ontaminesasie - die verwydering van 'n NH_2 groep vanuit aminosure of amien
- * Koolstofdioksidisasie - die verwydering van koolstofdioksied

4.4.2 Biologiese groei

Die biologiese groeiproses word in Figuur 4.2 grafies getoon. Op die eerste deel van die biologiese groeikurwe (figuur 4.2) is daar volop voedsel, maar 'n beperkte

hoeveelheid mikro-organismes. Reprodusie van die mikro-organismes vind in hierdie stadium op 'n eksponensiële basis plaas, terwyl die bron van voedsel afneem. Op 'n stadium begin die onvoldoende voedselbron die groei in die aanwas van mikro-organismes strem en die groeitempo begin afneem. Sodra alle voedsel verbruik is, staak die aanwas van mikro-organismes en die aantal mikro-organismes begin afneem. Organiese materiaal van dooie selle word deur die oorblywende lewende mikro-organismes verbruik.



Figuur 4.2: **Biologiese groeikurve van mikro-organismes** (Tebbutt, 1983, p 54)

Vir suksesvolle biologiese groei word die volgende voedingstowwe benodig (Tebbutt, 1983):

- * Bronne van koolstof en stikstof: 'n Empiriese formule vir protoplasma is $C_5H_7NO_2$. Die formule dui daarop dat die samestelling van die sel die behoeftes van die organismes sal bepaal. Dus is koolstof, stikstof en tot 'n mindere mate fosfor die belangrike elemente vir die bevordering van groei.
- * Energiebronne: Mikro-organismes benodig energie vir hulle metaboliese aktiwiteite. Hierdie energie word verkry deur die energie wat oorspronklik gebruik is om chemiese verbindings te vorm op te neem sodra die verbinding ontbind word.

- * Anorganiese ione: 'n Groot aantal anorganiese ione, hoofsaaklik klein hoeveelhede metale soos kalsium, magnesium, potasium, yster, mangaan en kobalt, is essensieel vir die groei van die mikro-organismes. Hierdie ione kom gewoonlik in water en dus ook in rioolwater voor.
- * Groeifaktore: Daar bestaan redes om te glo dat materiale soos vitamies deur sommige mikro-organismes benodig word vir optimale groei.


Indien enige van bogenoemde bronne afwesig is, sal dit die biologiese groei benadeel en meebring dat die vorm van die groeikurve (figuur 4.2) sal verander.

4.5 Biologiese prosesse van belang in 'n septiese tenk

4.5.1 Anaërobiese proses

Anaërobiese prosesse kan in twee kenmerkende biochemiese groepe opgedeel word, naamlik fermentasie- en anaërobiese respiratore. Fermentasie kan beskryf word as 'n energieproduserende metaboliese proses waartydens organiese samestellings as beide elektrongewer en -aannemer dien. Tydens anaërobiese respirasie dien oksiderende anorganiese samestellings soos nitrate, sulfate en karbonate as elektronaannemers. In die anaërobiese milieu val bakterieë normaalweg organiese molekules soos vette, sellulêre materie en proteïene aan en verteer dit dan tot 'n molekulêre grootte wat dan deur middel van hidrolise gefermenteer word. 'n Komplekse groep anaërobiese mikro-organismes fermenteer ander sure wat dan relatiewe stabiele produkte soos alkohol, koolsurgas (CO_2), natriumhidroksied (NH_3), waterstof (H_2) en sulfate lewer (Tebbutt, 1983).

'n Tweede proses skakel die organiese sure en alkohole om na asynsuur en nog waterstof (H_2). Derdens vorm 'n wyd uiteenlopende groep metaandraende bakterieë deur middel van die waterstof (H^2) en koolsuurgas (CO_2) produkte soos metaan (CH_4), koolstofdiksied (CO_2) en koolwaterstof (H_2S). Hierdie proses word skematies in figuur 4.3 voorgestel. Hierdie prosesse is belangrik in die anaërobiese proses aangesien die opwekking van die metaangas, klein hoeveelhede koolstofdiksied en koolwaterstof verantwoordelik is vir die vermindering van die bruto suurstofbehoefte (BSB) in rioolwater. Die hidrolitiese- en fermentasiereaksies transformeer net die molekules, BSB neem eers af sodra metaanvorming plaasvind. Omdat die mikro-organismes wat verantwoordelik is vir metaanvorming (metaanbakterieë) baie sensitief is vir omgewingstoestande hang die effektiwiteit van die anaërobiese fermentasieproses grootliks af van proseskontrole (University of Winsconsin, 1978).



Figuur 4.3: 'n Skematiese voorstelling van die aërobiese en anaërobiese proses (Tebbutt, 1983, p 52).

Die teenwoordigheid van sulfate, nitrate en ander oksiderende anorganiese organismes is ook van belang in die anaërobiese proses. Nitraatverwydering vind plaas deur die anaërobiese respirasie van nitrate wat dan stikstof vrystel. Die vermindering van hierdie

oksiderende samestellings help ook om die BSB te stabiliseer (University of Winsconsin, 1978).

Die kinetika van die anaërobiese proses hang af van die hoeveelheid en kwaliteit van die mikro-organismes teenwoordig en die toestande in die omgewing van die proses (Iza et al., 1991). Vir optimale metaangasproduksie moet geen opgeloste suurstof teenwoordig wees nie, die pH moet tussen 6,7 en 7,4 wees, die ORP-waardes moet laag wees en die temperatuur moet tussen 32-37°C of 50-55°C wees (University of Winsconsin, 1978). Die kwaliteit van die rioolwater wat gesuiwer moet word, bepaal die tempo van die anaërobiese proses (Zhao en Zhang, 1991). 'n Hoër tempo van verwerking kan volgens Iza et al. (1991) verkry word indien die volgende drie aspekte bevredigend aangespreek word:

- * Opgaring: Die stadig groeiende mikro-organismes moet in die proses behou word deur seker te maak dat die gemiddelde retensietyd vir soliedes baie meer is as die hidrouliese retensietyd. Die vereiste word tot 'n groot mate nagekom in 'n septiese tenk. Die enigste afwyking wat voorkom dat sommige van die mikro-organismes deur die hidrouliese vloei deur die tenk opgeneem word en dan uit die tenk stroom.
- * Verbeterde kontak tussen die biologies-aktiewe materiale en die rioolwater deur vermenging.
- * Verbeterde groei in die biologies-aktiewe materiaal.

Die meeste septiese tenks wat op die huidige stadium in die klein diameter rioolstelsel gebruik word, dien bloot as onderskeppers en opgaarders. Ten einde die opbou van slyk sover as moontlik te verminder moet die ontwerp van die tenks aangepas word om voorsiening te maak vir verbeterde biologiese reaksies.

4.5.2 Aërobiëse prosesse

Die mees effektiewe metode om die organiese inhoud van verdunde vloeistof afval te verminder is deur die aërobiëse proses te gebruik. Die organismes wat vir hierdie proses verantwoordelik is, het die vermoë om komplekse organiese verbindings af te breek en dan die gewonne energie vir reproduksie en groei te gebruik. Die gedeelte van die organiese materie wat gebruik word om energie te produseer word omgeskakel na stabiele produkte soos koolsuurgas (CO_2), water (H_2O) en ammoniak (NH_3) (figuur 4.3), terwyl die oorblywende materie omgeskakel word na nuwe selle wat uitsak (University of Winsconsin, 1978).

Suurstof moet voortdurend gedurende die aërobiëse proses voorsien word omdat die suurstof as die finale elektron-akseptor vir die oksidasie van die organiese materie dien. Gedurende hierdie elektron-oordrag word baie energie herwin wat weer gebruik word vir die samestelling van nuwe selle. Die hoeveelheid suurstof wat benodig word om die organiese materiaal te stabiliseer hang af van die organiese inhoud van die riool asook die fisiologiese toestand van die organismes. In die konvensionele aërobiëse behandelingsproses is dit moontlik dat die samestelling van nuwe biologiese groei tussen 50 en 60% van die droë gewig van die organiese materiaal wat aan die proses gevoer word, kan wees. Die reproduksietempo van selle neem egter af sodra selle langer begin leef.

Geen aërobiëse stelsel op enige plek kan, tot op datum, die slyk wat in rou rioolwater voorkom volkome verwerk nie.

4.5.3 Versnelling van die biologiese proses

Bylae F toon brosjures van firmas wat produkte bemark om die biologiese proses in 'n septiese tenk te versnel.

Die produkte is in wese net 'n mengsel van mikro-organismes en bio-ensieme wat deur water geaktiveer word. Die mikro-organismes in die produkte is volgens die vervaardigers so gekies dat hulle onder aërobiese en anaërobiese toestande kan funksioneer. Sommige van die mikro-organismes is spesifiek in die mengsel bygevoeg om sekere probleme op te los. Die produkte bevat ongeveer twee biljoen anaërobes en drie biljoen aërobes per gram en is gemik daarop om die anaërobiese en die aërobiese proses onderskeidelik te stimuleer.

Die ensieme in die produkte is saamgestel om spesifieke verbindings af te breek, byvoorbeeld:

- * Die 'amylase'-ensiem sal amilose (produkte wat stysel bevat soos groentes en grane) afbreek na produkte wat in water oplos. Daar is ongeveer 16 000 maltose-eenhede per gram in elke toediening.
- * Die 'proteases'-ensiem verteer proteïene (byvoorbeeld vleis en kaas). Daar is ongeveer 24 Northrop-eenhede per gram in elke toediening.
- * Die 'lipases'-breek vette (byvoorbeeld botter, spek en olie) af na produkte wat oplosbaar is in water. In elke toediening is daar ongeveer 11 lipase-eenhede per gram.

Volgens die vervaardigers kan van die organismes selfs die swawel-waterstof wat deur sommige bakterieë vrygestel word onderdruk om sodoende slegte reuke te voorkom.

Temperatuur, konsentrasie en sensiwiteit het volgens die

vervaardigers 'n effek op die effektiwiteit van die produk. 'n Verhoging in temperatuur van 10°C sal meebring dat die reaksietempo verdubbel, terwyl 'n verlaging van 10°C die reaksietempo met die helfte sal verminder. Dit beteken dat die tempo gedurende die wintermaande afneem en weer toeneem sodra dit warmer word. Dieselfde beginsels is van toepassing op die konsentrasie van die toediening. Deur dus die toediening in die winter in verhouding met die verandering in temperatuur aan te pas is dit moontlik om dieselfde reaksietempo regdeur die jaar te verkry.

Aangesien hierdie produkte bloot net die biologiese prosesse versnel, is hulle ook sensitief vir 'n oordosis swaar metale, sanitêre skoonmaakmiddels wat gebaseer is op chloor (Cl), 'n verandering in pH en 'n oordosis reinigingsmiddels. Indien enige van bogenoemde in 'n septiese tenk beland, sal al die biologiese lewe uitgewis word. Slegs nadat al die beskadigde materiaal uit die tenk verwyder is, sal die biologiese lewe weer begin groei.

4.6 Opsomming

Toetse wat op verskillende tipes rioolstelsels wat met produkte soos in paragraaf 4.5.3 beskryf is, behandel is, het baie bemoedigende resultate gelewer. Een so 'n toets is op septiese tenks by 'n fabriek aan die buitewyke van die noordelike voorstede in die Kaapse Skiereiland gedoen. Die septiese tenks ontvang die afloop vanaf die kleedkamers van 'n fabriek. Die tenk bestaan uit drie afsonderlike kompartemente. Die rou rioolwater word in die eerste tenk (A) gestort, waarna dit oorloop na die tweede tenk (B) en dan na die derde tenk (C). Die finale afloop in die derde tenk word getoets voordat die bio-ensieme toegedien word. Ses weke later is al drie tenks weer getoets. Die volgende resultate is deur die betrokke plaaslike owerheid voorsien

(persoonlike kommunikasie, mnr Mostert, Durbanville Munisipaliteit).

Tabel 4.1: Resultate van chemiese toetse op septiese tenks wat met bio-ensieme behandel is.

Determi- nante	Meet een- heid	Algemene Stan- daard*	voor	6 weke na toediening			% Ver- wyder
			C	A	B	C	
CSB	mg/l	75 na	170	50006	23979	86	49
Ammoniak- Stikstof	mg/l	kor 10	21	180	78	9.9	53
Kjeldahl- Stikstof	mg/l		6.5	650	277	3.9	40
TSS	mg/l	25	64	9099	5231	26	59
TOS	mg/l		307	825	523	186	39
pH		5.5-9.5	6.8	6.71	6.40	6.8	0
Alkalinite as CaCO ₃	mg/l		70	1560	590	35	50
Geleidings- vermoë	mS/m	>15% van toevoer	32	152	60	30	6

*Bylae E toon die vereistes vir die suiwing van afvalwater. (Staatskoerant, Mei 1984)

Soos afgelei kan word uit die resultate van tabel 4.1 is daar 'n beduidende verbetering in die gehalte van die afloop uit die tenks. Indien hierdie produkte op die regte wyse aangewend kan word, kan dit moontlik wees om die pompsiklus van septiese tenks drasties te verleng. Die moontlikheid bestaan selfs dat dit geheel en al uitgeskakel kan word indien effektiewe bestuurspraktyke toegepas word.

Die bewering kan gestaaf word deur die volgende voorbeeld: Die Instituut vir Natuurlike Hulpbronne in Natal het die produk op vier halfvol putlatrines getoets. Die mengsel is drie keer in sewe dae toegedien, waarna die putte vir nog sewe dae laat staan is. Tydens inspeksie na twee weke is gevind dat drie van die vier putte leeg was. Die vierde put se volume het geensins verander nie. Verdere ondersoek het

getoon dat die put naby 'n kliniek geleë was en dat die personeel die toilet op 'n daaglikse basis met ontsmettingsmiddels behandel het wat al die mikro-organismes doodgemaak het. (Persoonlike skakeling met mnr D.J. Crawford van Die Instituut van Natuurlike Hulpbronne).

Indien die algemene gebruiker van 'n septiese tenk opgevoed kan word om bogenoemde produkte korrek aan te wend kan dit groot besparings in rioolsuiweringskoste meebring asook besparings in pompkoste vir die publiek en die plaaslike owerheid. Indien die septiese tenks deur middel van 'n klein diameter rioolstelsel gedreineer word, sal die besparings nog groter wees omdat die uitvloeisel van 'n beter gehalte is en die tenks minder uitgesuig moet word.

HOOFSTUK 5
ONTWERP VAN DIE ONDERSKEPPER VIR 'n
KLEIN DIAMETER RIOOLSTELSEL

5.1 Inleiding

Uit hoofstuk 3 blyk die onderskeppertenk met sy verwante aktiwiteite die grootste nadeel van die klein diameter rioolverwyderingstelsel te wees. Die feit dat die tenk op 'n gereelde basis skoongemaak moet word, beperk die stelsel se aanwendingspotensiaal. Die ander nadele, soos in hoofstuk 3, paragraaf 3.3.2.3 beskryf, blyk op die oog af irrelevant te wees, maar indien die probleme nie korrek aangespreek word nie, kan die moontlike besparings wat die stelsel kan meebring, geneutraliseer word. Die laaste twee items op die lys, en tot 'n groot mate die tweede item ook, kan aangespreek word deur die behoorlike ontwerp van onderskeppertenks.

Die onderskeppertenk is gewoonlik 'n gemodifiseerde septiese tenk. Die kriteria soos beskryf in hoofstuk 2, paragraaf 2.4 geld steeds met die volgende byvoegings:

- * die tenk moet oor genoeg addisionele ruimte beskik om die spits afloop van die huis te alle tye te huisves (Schmidt et al., 1986; Otis & Mara, 1985)
- * skuim en ander soliedes wat gedurig in suspensie bly, moet verhoed word om in die afloop te beland (Simmons & Newman, 1985; Iza et al., 1991)
- * uitgesakte materiaal wat versteur word wanneer invloei plaasvind, moet nie in die afloop beland nie (Simmons & Newman, 1985; Iza et al., 1991)
- * 'n ventilasiepunt moet vir elke tenk voorsien word aangesien dit ideaal is dat die tenks behoorlik afgedig

- moet wees om die indringing van ongewenste materiaal te alle tye te verhoed (Simmons & Newman, 1985) en
- * 'n nooduitlaat wat onder die inlaatvlak van die laagste afvalwater aflaatpunt in die huis is, maar bo die hidrouliese gradiënt tydens spitsvloeitoestande is, moet water kan uitlaat in geval van 'n verstopping.


5.2 Voorafvervaardigde tenks

Verskeie voorafvervaardigde tenks is op die Suid-Afrikaanse mark beskikbaar. Figuur 5.1 en 5.2 toon diagrammatiese voorstellings van twee tipes voorafvervaardigde septiese tenks, terwyl bylae B brosjures van verskeie produkte wat op die Suid-Afrikaanse mark beskikbaar is, toon. Die voorafvervaardigde tenks wat vir die projek soos beskryf in hoofstuk 3, paragraaf 3.3.2.2 (Marselle) gebruik is, is soortgelyk aan dié wat in figuur 5.1 getoon word.


Volgens die vervaardiger se brosjure (bylae B, brosjure A) is die teoretiese skoonmaaktydperk van die tenks (1750 l) wat in Marselle (lae inkomste behuising) gebruik is, gebaseer op SABS 0400-1987 en De Villiers se "Septic tank Systems" (1987) elke 3,41 jaar. Indien die formules soos verskaf deur Otis en Mara (1986) asook Schmidt et al (1986) egter toegepas word, blyk dit asof die tenks oor onvoldoende kapasiteit beskik en daarom ongeveer elke jaar skoongemaak moet word om te verhoed dat die stelsel verstop (Van der Westhuizen, 1990).

Die formules waarna Van der Westhuizen (1990) verwys, word in bylae C aangeheg. Indien hierdie formules op die 1750 liter tenk soos getoon in figuur 5.1 toegepas word, word 'n teoretiese skoonmaaktydperk op elke 0,88 jaar beraam. Dit beteken dat die formules wat die vervaardigers gebruik het, nie ooreenstem met dié van Otis en Mara (1985) nie. Indien die brosjure egter bestudeer word, kom dit voor asof daar

nie fout is met die argument wat gebruik word nie. Deur die formules, soos aangetoon in bylae C te bestudeer, kan die afleiding gemaak word dat die spesifieke eenheid se area te klein is wat veroorsaak dat die slyk nie effektief gestoor en verteer kan word nie. Dit weerspieël Otis en Mara (1985), Drews (1985), Simmons en Newman (1985), De Villiers (1987) en Schmidt et al. (1986) se stellings dat reghoekige tenks meer geskik is.



Figuur 5.1: 1750 liter voorafvervaardigde septiese tenk (Bylae B).



Figuur 5.2: 1750 liter voorafvervaardigde septiese tenk (Bylae B).

5.3 Ontwerp van die onderskepper

Ten einde die onderskepper korrek te ontwerp is dit noodsaaklik dat die doel van die onderskeppertenk duidelik omskryf word. Volgens Van der Westhuizen (1990) is die primêre doel van die onderskepper om die soliedes van die water te skei, die soliedes agter te hou en die water in die netwerk uit te laat. Otis en Mara (1985) gebruik dieselfde beskrywing, maar voeg by dat die onderskepper ook die soliedes opgaan vir verwydering op 'n later stadium. Soos reeds genoem is hierdie een van die aspekte van 'n klein diameter rioolstelsel wat dit onekonomies maak om so 'n stelsel onder sekere toestande te installeer.

Simmons en Newman (1985) gebruik dieselfde beskrywing as bogenoemde twee bronne, maar voeg egter die volgende by:

"...wastewater is liquefied in modified septic tanks that have two compartments; one for initial primary treatment, and the other for liquid storage." (p 1074)

Die tenks wat hulle beskryf, het hulle teëgekóm in Alabama in die Verenigde State van Amerika. Otis en Mara (1985) onderstreep wat Simmons en Newman (1985) sê met die volgende:

"...Digestion: Anaerobic biological digestion of the sludge is a beneficial result of prolonged storage of the solids in the tank. The bacteria in the tank deplete any oxygen that may be dissolved in the waste while feeding on the concentrated organics. Anaerobic bacteria attack the complex organic compounds reducing them to soluble compounds and gases including H_2 , CO_2 , NH_3 , H_2S and CH_4 . This digestion has several effects on tank performance:

- (i) **Sludge volume reduction**
The sludge volume may be reduced by up to 50-80% (depending on temperature), so reducing sludge pump frequency.
- (ii) **Mixing**
The rising gas bubbles from the sludge blanket may carry active organisms with them seeding the liquid clear space providing anaerobic decomposition of colloidal and soluble organic solids remaining in the liquid phase.
- (iii) **Turbulence**
The rising bubbles may re-suspend solids so that they are carried out of the tank.
- (iv) **Hazardous atmosphere**
Toxic, anoxic or explosive atmospheres may result from the accumulation of the gases produced in the tank. This atmosphere can be hazardous to septage pumpers." (p 7)

Deur 'n volume water wat dieper as die inlaat- asook die uitlaatpunt is, word aan die eerste doel van 'n septiese tenk voldoen. Indien water wat soliedes bevat by een punt van 'n tenk invloei, sal die swaarder soliedes in die tenk uitsak, terwyl die ander op die water sal dryf. Water wat van onder die oppervlakte, maar bokant die bodem uit die tenk onttrek word, sal dus relatief vry van soliedes wees. Maar daar moet verder na die tenk se verband met die klein diameter riool asook 'n rioolstelsel in die algemeen gekyk word. Schmidt et al. (1986) beklemtoon die feit dat die tenk oor genoeg addisionele ruimte moet beskik om die spits afloop vanaf die woning te alle tye te huisves. Indien hierdie kriteria nie nagekom word nie, kan dit gebeur dat die water wat uit die kombuisopwasbak gespoel word in die bad uitloop, of dat die toilet wat gespoel word in die bad opstoot. Dit sal dus 'n onaanvaarbare situasie tot gevolg hê.

5.3.1 Hidrouliese vloei

Rioolwater wat deur die tenk vloei het 'n sekere tyd nodig om deur die tenk te beweeg ten einde te verseker dat die gesuspendeerde partikels uitsak, dit staan bekend as hidrouliese vloei (Otis & Mara, 1985)

Formules (1) en (5) in bylae C bepaal die volume wat nodig is om hidrouliese vloei deur die tenk te verseker. Sodra hierdie volume te klein raak, sal die vloeisnelheid van die water deur die tenk van so 'n aard wees dat sedimentasie nie meer kan plaasvind nie. Indien hierdie snelheid te hoog raak, sal die tenk "kortsluit" (Otis & Mara, 1985; Schimdt et al., 1986). Indien die hidrouliese vloei bloot van 'n inlaat- na 'n uitlaatpyp geskied, sal die stroming deur die tenk in die lyn tussen die inlaat en die uitlaat gesentreer word sodra die tenk begin vol raak. Om hierdie en ander redes wat hier onder bespreek word, is dit belangrik dat die tenk meer as een kompartement moet hê. Die vloei van die een kompartement na die ander moet oor die wydte van die tenk plaasvind.

5.3.2 Biologiese vloei

Soliedes wat uitsak en dan weer gesuspendeer word deur gasse of die invloei van water sak nader aan die uitlaat van die tenk uit. Dit bring mee dat die biologiese aktiwiteite eweredig regdeur die tenk versprei as gevolg van die voortdurende skommeling.

Formules (2) en (4) van bylae C bepaal die volume benodig vir die biologiese vloei deur die tenk. As gevolg van die lae snelheid waarteen die biologiese prosesse plaasvind,

is dit noodsaaklik dat voldoende volume hiervoor beskikbaar is (Iza et al., 1991; Otis en Mara, 1985). Sodra afvalwater vanaf die huis die tenk binnestroom, vind daar 'n hidrouliese opwelling plaas. Die organiese materie wat gesedimenter het, sal dan versteur word en 'n groot persentasie sal weer gesuspendeer word. Formule (2) bepaal die minimum volume benodig vir hierdie materie om weer uit te sak asook die volume benodig vir vars materie wat saam met die afvalwater die tenk binnegestroom het om uit te sak.

Volgens Iza et al. (1991) en McCarty en Mosey (1991) moet die verlies van groeiende mikro-organismes wat belangrik vir die effektiwiteit van die biologiese proses is sover as moontlik verhoed word. Hierdie mikro-organismes word gesuspendeer sodra hidrouliese opwellings plaasvind en sal dan saam met die water uit die tenk vloei. Hierdie feit bevestig Drews (1985) en Simmons en Newman (1985) se stelling dat 'n beter kwaliteit afloop verkry word vanaf 'n tenk met meer as een kompartement. Otis en Mara (1985) beweer dat 'n enkelkompartement tenk voldoende is aangesien die gesuspendeerde soliedes wat saam met die water uit so 'n tenk vloei, geen gevaar van verstopping bied nie. Gesien in die lig van Iza et al. (1991) en McCarty en Mosey (1991) se navorsing, asook die resultate getoon in bylae D figuur , word 'n meer kompartement septiese tenk aanbeveel.

5.3.3 Stoorvermoë

Deur die resultate van formules (5), (6) en (7) bymekaar te tel kan die diepte van die tenk onder die inlaat hoogte bepaal word. Paragraaf 5.4 toon 'n tipiese berekening van die volume van 'n septiese tenk.

5.3.4 Ventilasie

Ten einde al die gasse wat in die tenk opbou uit te laat moet 'n ventilasiepunt voorsien word. Deur 'n T-stuk vertikaal op die uitlaatpunt te plaas (sien skets in bylae D) kan die ventilasiestelsel van die interne pypleiding gebruik word (Otis & Mara, 1985). Hierdie ventilasiepunt sal ook as ventilasie dien vir die pypnetwerk.

5.3.5 Noodoorloop

Om voorsiening te maak vir 'n verstopping kan 'n pyp met sy inlaatpunt onder die watervlak vanaf die tenk na 'n nabygeleë struktuur voorsien word. Die uitlaatpunt van hierdie pyp moet onder die inlaat van die laagste afvalwater-genererende toestel in die huis wees (gewoonlik die bad). Die oorloop moet ondertoe gerig wees en die inlaat moet voldoende teen indringing van ongewenste artikels beskerm wees.

5.4 Ontwerpvoorbeeld

'n Volledige lys van die formules wat in hierdie voorbeeld gebruik is, verskyn in bylae C.

Voorbeeld:

'n Onderskeppertenk word benodig vir 'n huishouding van ses mense. Tydens fase 1 van die ontwikkeling gaan die huis van net een wateraftappunt en 'n spoeltoilet voorsien word. Verder behoort die huis na voltooiing van al die fases water in die kombuis asook 'n badkamer met bad te hê. Die

plaaslike owerheid beplan om die tenks elke 5 jaar skoon te maak. Hoe groot moet die tenk wees?

Berekeninge:

Aanvanklik sal die waterverbruik in die huis baie laag wees. Volgens die tabelle in bylae G kan ongeveer 70l afvalwater per persoon tydens fase een van die ontwikkeling verwag word. Die onderskeppertenk moet ontwerp word om voorsiening te maak vir die aflope na voltooiing van al die fases.

Tabel in bylae G dui aan dat ongeveer 840 l afvalwater per dag van die huishouding verwag kan word.

a) Bereken die minimum hidrouliese retensietyd:

$$\begin{aligned} t_h &= 1,5 - 0,3 \log (Pq) & [1] \\ &= 1,5 - 0,3 \log (840) \\ &= 0,623 \text{ dae} \end{aligned}$$

b) Volume benodig vir sedimentasie:

$$\begin{aligned} V_h &= 10^{-3} (Pq) t_h & [2] \\ &= 10^{-3} (840) 0,623 \\ &= 0,523 \text{ m}^3 \end{aligned}$$

c) Slyk opgaar en retensievolume:

$$\begin{aligned} V_s &= 70 \times 10^{-3} PN & [3] \\ &= 70 \times 10^{-3} (6 \times 5) \\ &= 2,1 \text{ m}^3 \end{aligned}$$

d) Minimum diepte benodig vir sedimentasie:

$$\begin{aligned} d_s &= V_h / A & [4] \\ &= 0,523 / 3 \\ &= 0,174 \text{ m} \end{aligned}$$

e) Maksimum toelaatbare slykdikte:

$$\begin{aligned} d_{sc} &= 0,82 - 0,26A \quad (\text{minimum waarde} = 0.3\text{m}) & [7] \\ &= 0,82 - 0,26 (3) \\ &= 0,04 \text{ m} \end{aligned}$$

aanvaar d_{sc} as 0.3 m

f) Minimum toelaatbare skoon area:

$$\begin{aligned} h_s &= 0,075 + d_{sc} & [5] \\ &= 0,075 + 0,3 \\ &= 0,375 \text{ m} \end{aligned}$$

g) Maksimum toelaatbare slykdikte:

$$\begin{aligned} S_{sd} &= V_s / A & [8] \\ &= 2,1 / 3 \end{aligned}$$

$$= 0,700 \text{ m}$$

h) Maksimum toelaatbare skuimdikte onder watervlak:

$$d_{ss} = 0,7 / A \quad [6]$$

$$= 0,7 / 3$$

$$= 0,233 \text{ m}$$

Effektiewe diepte van die tenk is dus:

$$D = 0,700 + 0,233 + 0,375$$

$$= 1,308 \text{ m}$$

Die onderskeppertenk se afmetings sal dus as volg wees:

$$\text{Wydte} = 1 \text{ m}$$

$$\text{Lengte} = 3 \text{ m}$$

$$\text{Diepte} = 1,6 \text{ m (waterdiepte} = 1,31 \text{ m)}$$

$$\text{Stoorkapasiteit} = 3\,900 \text{ liter}$$

De Villiers (1987) beveel die volgende riglyne aan in verband met die verhouding van die afmetinge van die tenk:

- i) die vloeistofdiepte moet tussen 1 en 1,8 m wees,
- ii) die vorm moet reghoekig wees en
- iii) die lengte van die tenk moet ongeveer drie maal die wydte wees.

5.5 Opsomming

Soos deur Van der Westhuizen (1990) uitgewys is blyk die standaard wat neergelê is vir die ontwerp en gebruik van septiese tenks in Suid-Afrika onvoldoende te wees. Indien die riglyne gevolg word, kan die tenks waarop besluit word 'n groot finansiële las vir die gebruikers asook vir plaaslike owerhede meebring.

In bylae D word vergelykings tussen die neergelegde Suid-Afrikaanse standaard vir die ontwerp van tenks vergelyk met die Amerikaanse ontwerpstandaarde. Die bylae toon duidelik dat die tenks wat in Suid-Afrika gebruik word te klein is. Dit is dus noodsaaklik dat plaaslike navorsing gedoen moet

word om die standarde te bevestig indien septiese tenks in enige vorm in die toekoms in Suid Afrika gebruik gaan word.

HOOFSTUK 6

ONTWERPVOORBEELD: KLEIN DIAMETER RIOOL NETWERK

6.1 Scenario

Die tenks wat in hoofstuk 5 beskryf word moet in 'n klein diameter riool gestort word. Figuur 6.1 toon die lengtesnit van die terrein aan. Tabel 6.1 toon 'n tipiese uitleg van die berekeninge.

In hoofstuk 3 paragraaf 3.3.2.4 word al die ontwerpstappe bespreek. In hierdie hoofstuk word slegs 'n voorbeeld van die berekeninge getoon.

6.2 Berekeninge

Tabel 6.1 bestaan uit 'n aantal kolomme wat genommer is. Hierdie kolomme word hieronder afsonderlik bespreek.

6.2.1 Kolom 1: Stasies

Kritiese punte op die lengtesnit word vooraf geïdentifiseer en vanaf die stroom-af punt genommer. Kritiese punte word geplaas waar 'n verandering in die parameters plaasvind, byvoorbeeld as 'n syyp by die pyp wat ontwerp word aansluit, of waar kritiese hellingsveranderings plaasvind. Dus word seksies met uniforme vloei-eienskappe geïdentifiseer.

6.2.2 Kolom 2: Stasie hoogte

Die hoogte van elke stasie bo 'n bepaalde datum, in meter eenhede, word in hierdie kolom aangedui.

6.2.3 Kolom 3: Afstand

Die afstand van elke stasie vanaf stasie 1 word hier aangedui (in meter).

6.2.4 Kolom 4: Hoogte verskil

Die verskil in hoogte (vanaf kolom 2) van die aangrensende stasies oor die spesifieke seksie word hier getoon.

6.2.5 Kolom 5: Lengte van seksie

Die afstand tussen die stasies (kolom 3), in meter word hier aangebring.

6.2.6 Kolom 6: Gemiddelde helling

Deur kolom 4 se waarde deur die van kolom 5 te deel word die gradient in m per m uitgedruk. Die waarde is in die voorbeeld omgeskakel na die omgekeerde (1:xx).

6.2.7 Kolom 7: Aantal aansluitings

Die aantal erwe wat stroom-op van die stroom-af stasie op 'n seksie aansluit, word in hierdie kolom aangebring.

6.2.8 Kolom 8: Ontwerpvloei

Die aantal erwe per seksie (kolom 7) word met die ontwerpvloei vir die netwerk vermenigvuldig ten einde die afloop vanaf die seksie te verkry. Die afloop word in liters per sekonde in die kolom aangedui.

6.2.9 Kolom 9: Pyp diameter

'n Geskate pyp diameter (in mm) word aanvanklik deur die ontwerper in hierdie kolom aangebring. Namate die ontwerp vorder, sal die diameters waar nodig aangepas word om aan te pas by die vloei soos bereken in kolom 10.

6.2.10 Kolom 10: Vloei by vol pyp toestand

Die pyp wat in kolom 9 gekies is se kapasiteit vir vol vloei toestand teen die helling soos aangedui in kolom 6, word nou bereken. Enige van die empiriese formules vir pyp vloei kan gebruik word. Volgens Otis en Mara (1985) is dit belangrik dat die ontwerper in gedagte moet hou dat vloeitoestand in die seksies kan varieer. In sommige gevalle sal die pype vol loop terwyl 'n vorm van oop kanaal vloei in sommige seksies sal plaasvind. Seksies wat konstant onder water is (tussen stasie 5 en stasie 8)


verg spesiale aandag. Indien die hidrouliese gradient nie laag genoeg by hierdie punt is nie, sal die riool onder spitsvloei toestande in die huisaansluitings opstoot.

6.3 Opsomming

Alhoewel die berekeninge op die oog af redelik eenvoudig voorkom, sal 'n mate van ondervinding en praktiese blootstelling verseker dat 'n stelsel reg ontwerp word. Otis en Mara (1985) beveel aan dat die minimum diameter pyp wat in 'n netwerk gebruik moet word nie kleiner as 100 mm moet wees nie

Tabel 6.1: Berekeninge van 'n klein diameter riool netwerk

1 Stasie (m)	2 Stasie Hoogte (m)	3 Afstand (m)	4 Hoogte Verskil (m)	5 Lengte van Seksie	6 Gem. Helling 1:xx	7 Aantal Aansluit- ings	8 Ontwerp Vloei (l/s)	9 Pyp Diameter (mm)	10 Vloei by pyp vol (l/s)	11 Vloei- snelheid (m/s)
1	25.15	0	0.71	10	14.085	86	1.839	75	6.39	1.127
2	25.86	10	1.82	25	13.736	73	1.839	75	6.47	1.137
3	27.638	35	0.47	10	850	71	1.519	100	1.772	0.223
4	28.15	45	0	2	850	70	1.497	100	1.772	0.253
5	27.8	47	0.05	8	850	41	0.877	75	0.877	0.202
6	27.85	55	0	10	900	40	0.856	75	0.856	0.2
7	27.7	65	0.05	10	200	39	0.834	75	1.696	0.382
8	27.75	75	1.35	23	17.037	38	0.813	50	1.972	0.955
9	29.1	98	0.1	8	80	11	0.235	50	0.91	0.389
10	29.2	106						50		



DATUM = 24 m

FIGUUR 6.1: TIPIESE LENGTESNIT

HOOFSTUK 7**LAE KOSTE RIOOLVERWERKINGSMETODES****7.1 Inleiding**

Suid-Afrika is 'n land wat redelike skaars is aan waterbronne (hoofstuk 1). Ten einde hierdie bronne te beskerm het die owerhede hoë standaarde vir waterkwaliteit daargestel (Alexander & Wood, 1986). In tabel 7.1 word 'n vergelyking tussen die vereiste standaarde vir waterkwaliteit in Suid-Afrika en ander Europese lande getref.

Tabel 7.1: **Verskillende waterkwaliteit standaarde**

	Rou Riool ¹	Kony Afl ²	Europese Limiet ³	SA Limiet ⁴
BSB mg/l	400	20	7	10
CSB mg/l	800	100	30	<75 kor
BSB/CSB verhouding	0.50	0.20	0.23	
TOS mg/l	300	35		
SS mg/l	500	30		25
Turbilensie (eenhede)				
Cl mg/l	100	100	200	0.1
Org.N mg/l	25	0	0	
Amm.N mg/l	25	5	2	10
NO ₃ -N mg/l	0	20		
Totale Soliedes mg/l	1000	1000	1000	0
Totale Hardheid mg/l	250	250		
PO ₄ mg/l	10	6	0.7	
ABS mg/l	2	0.2	0.5	
Kleur		50	50	
Cloriform MPN/100 ml	10 ⁷	10 ⁶	5x10 ⁴	
E.Coli E.Coli/100ml				0
NH ₃ mg/l				10

Bronne:

1,2,3 Tebbutt, 1983

4 Bylae E toon die vereistes vir gesuiwerde afvalwater.
(Staatskoerant, Mei 1984)

Ten einde hierdie hoë standaard afloop te verseker word hoogs tegnologiese en gesofistikeerde watersuiweringsmetodes gebruik. Maar weens 'n gebrek aan kennis en die onvermoë om die stelsel te onderhou het baie van hierdie aanlegte in onbruik verval of lewer 'n afloop wat glad nie aan die neergelegde vereistes voldoen nie (Alexander & Wood, 1986).

Regdeur Afrika is daar baie voorbeelde van die tragiese gevolge wat 'n tekort aan water meebring. Die tekort, gekoppel aan die hoë bevolkingsgroei (hoofstuk 1) beklemtoon die behoefte aan die optimalisering van alle bestaande bronne asook die hergebruik van behandelde afvalwater. Dus bestaan daar in Suid-Afrika 'n ernstige behoefte aan die ontwikkeling van 'n lae koste en lae tegnologie suiweringsstelsel wat aflope van 'n hoë gehalte kan lewer (Wood & Hensman, 1989).

7.2 Vleilande

7.2.1 Inleiding

Vleilande word deur Morant (aangehaal in Twinch & Aston, 1983) as volg beskryf:

"...land where an excess of water is the dominant factor determining the nature of soil development and the types of animal communities living in the soil surface..."

(p 104).

In verskeie lande is daar al navorsing gedoen oor die gebruik van vleilande vir die verwerking van rou riool, veral huishoudelike riool (Wood en Hensman, 1989).


Munisipale afvalwater bestaan uit 'n komplekse samestelling van chemikalieë wat van industriële- sowel as huishoudelike riole afkomstig is. Hierdie samestellings

bevat 'n wye verskeidenheid organiese verbindings wat wissel van bio-degradeerbare koolhidrate, proteïene en vette tot onoplosbare, soms toksiese, oplossings soos karbolsuur en plaagdoders. Munisipale afvalwater bevat ook hoë konsentrasies voedingstowwe, veral stikstof en fosfor wat in organiese verbindings of soms in anorganiese vorms voorkom (Weider, 1989). Patogene, vanaf menslike oorsprong, word ruimskoots in huishoudelike riool aangetref, terwyl swaar metale in industriële aflope voorkom.

Konsentrasies van die meeste van hierdie verbindings veroorsaak 'n ernstige gesondheidsrisiko en moet dus uit die water verwyder word. Om hierdie rede styg waterkwaliteitstandaarde gedurig, wat meebring dat die koste van watersuiwering teen 'n stywer tempo styg. De Jong (1976) en Sloey et al. (1978) het die moontlikhede van vleilande raakgesien en navorsing gedoen op nagmaakte vleilande. Volgens Kelman et al. (1989) word vleilande in Amerika nie net gebruik om munisipale afvalwater te suiwer nie, maar ook vir die suiwering van aflope vanaf steenkool- en metaalmyne, asook tekstiel-, landbou- en fotografie industrieë.

7.2.2 Stikstof

Navorsing deur onder meer Boyt et al. (1977), De Jong (1976) en Hammer (1982) het getoon dat vleilande die stikstofinhoud in rioolwater drasties kan verminder. Vermindering is gewoonlik ongeveer 90%, maar kan soms so hoog as 100% wees (Watson et al, 1989). Figuur 7.1 toon 'n grafiese voorstelling van die werksmetodiek van die vier hoofmeganismes wat verantwoordelik is vir die verwydering van stikstof.



Figuur 7.1: Hoofmeganismes vir die verwydering van stikstof (Rogers, 1983, p 111)

Waterplante en alge beskik oor die vermoë om aansienlike hoeveelhede stikstof (N) uit rioolwater te verwyder. Ashton (1979) het bereken dat plante wat bo die watervlak uitstaan soveel as 1 tot 2 ton N per hektaar per jaar uit die water verwyder, terwyl ondergedompelde plante 'n laer kapasiteit het, byvoorbeeld *Patamogeton pectinatus* verwyder ongeveer 760 kg N per jaar per hektaar terwyl *Ceratophyllum demersum* ongeveer 261 kg N per jaar per hektaar kan verwyder. Maar baie van die stikstof wat deur die plante opgeneem word, gaan verlore sodra die plant doodgaan en verrot wat meebring dat die oplossing net tydelik van aard is (Twinch & Ashton, 1983). Stikstof in die ondergrondse sones van meerjarige plante en in die struktuur materiaal van vleigrond is meer permanent verwyder, terwyl die sedimentaanwas bepalend is in die hoeveel stikstof wat verwyder word. Oesting of verbranding van die plante op 'n gereelde basis het tot

gevolg dat die meeste van die stikstof uit die bogrondse plante verwyder word.

Ammoniumstikstof ($\text{NH}_4\text{-N}$) word uit die water verwyder in die vorm van natruimhidroksied (NH_3) sodra die pH bo 8 styg. Kreft, Van Eck en Stander (aangehaal in Rogers, 1983) het bepaal dat klein, maar beduidende hoeveelhede natruimhidroksied (NH_3) met 'n pH van so laag as 7,3 vrygestel word. Stikstofvrystelling deur middel van ammoniak verdamping kan dus 'n belangrike meganisme vir stikstof vrystelling in vleilande met 'n hoë pH wees.

Nitrifikasie en denitrifikasie vorm volgens Bartlett et al. (1979) asook Engler en Patrick (1974) (aangehaal in Rogers, 1983) 'n belangrike metode om van stikstof ontslae te raak. Nitrifikasie behels die transformasie van $\text{NH}_4\text{-N}$ na $\text{NO}_3\text{-N}$ wat deur 'n aantal bakterieë wat net onder aërobiese toestande voorkom, aangehelp word.

Denitrifikasie behels die omskakeling van $\text{NO}_3\text{-N}$ na di-stikstofoksiede (N_2O) met behulp van bakterieë wat in anaërobiese toestande voorkom en 'n voldoende voorraad organiese materiaal om as energiebron te dien.

Anaërobiese vleilande wat ryk is aan organiese sediment is dus ideaal vir denitrifikasie. Engler en Patrick (aangehaal in Rogers, 1983) het bereken dat ongeveer 3,5 kg stikstof per hektaar varswater en 7,4 kg per hektaar soutwater moeras vrygestel word.

Terwyl die vermindering van $\text{NO}_3\text{-N}$ slegs in die afwesigheid van suurstof voorkom, is nitrietstikstof ($\text{NO}_2\text{-N}$) minder stabiel in waterige stelsels en sal in aërobiese toestande verminder (Ponnamperuma, aangehaal in Rogers, 1983).

Omdat nitrietstikstof in die oksidasie van ammoniak na nitrate voorkom, beweer Ponnamperuma (aangehaal in Rogers, 1983) dat denitrifikasie via $\text{NO}_2\text{-N}$ meer algemeen en wydverspreid voorkom as wat oor die algemeen aanvaar word.


Stikstof kan ook, volgens Howard-Williams (aangehaal in Rogers, 1983), as di-stikstofoksiede (N_2O) aan die

atmosfeer vrygestel word gedurende die nitrifikasieproses indien die oksidasie-reduksiepotensiaal effens laer is as wat gewoonlik vereis word.

7.2.3 Fosfor

Verslae oor fosforverwydering uit vleilande verskil baie. Volgens Boyt et al. (aangehaal in Rogers, 1983) en Dolan et al. (aangehaal in Rogers, 1983) is soveel as 97 - 98 % van alle fosfor (P) wat in Florida aan twee vleilande toegedien is, verwyder. Dieselfde verwyderingstempo is regdeur die jaar deur die wetenskaplikes gerapporteer. In teenstelling daarmee het Loucks (aangehaal in Roger, 1983) beweer dat die opnametempo heelwat laer gedurende die herfs- en winterseisoen is. Fetter et al. (1978) het bewys dat sommige vleilande in Amerika fosfor wat gedurende die groeiseisoen opgeneem is gedurende die winter en lente weer in die water vrylaat.

Die twee grootste meganismes vir fosforverwydering in vleilande is plantopname en sedimentopname soos skematies voorgestel in figuur 7.2 (Rogers, 1983).



Figuur 7.2: Hoofmeganismes vir die verwydering van Fosfor (Rogers, 1983, p 112).

Waterplante wat met rioolwater bedien is, toon verbeterde groei en gewoonlik ook 'n hoër konsentrasie fosfor in sy weefsels. Gevolglik kan hierdie plante, volgens Kadlec en Tilton (aangehaal in Rogers, 1983) asook Wood en Hensman (1989), beduidende hoeveelhede fosfor uit rioolwater verwyder. Rogers (1983) beweer dat die opname van fosfor van 20 kg fosfor per hektaar per dag in die geval van *Ceratophyllum demersum* tot soveel as 344 kg per dag in die geval van *Eichhornia crassipes* wissel. Volgens Boyd (aangehaal in Rogers, 1983) hang die fosforopname nie net af van die plantspesie nie, maar ook van die hoeveelheid en ouderdom van die plante, sowel as die hoeveelheid voedingstof in die water. Soos in die geval van stikstof is die meeste van die plantopnames net tydelik en word groot hoeveelhede weer vrygestel sodra die plant vrek en begin verrot. Slegs die fosfor wat in die ondergrondse dele van die meerjarige plante en in die vleigrond

voorkom, word meer permanent verwyder. Bestuurspraktyke soos oesting en verbranding is die enigste manier om fosfor permanent uit die bogrondse plantmassas te verwyder.

Onderliggende vleilandsediment kan groot hoeveelhede opgeloste fosfor uit water deur middel van absorpsie en presipitasie opneem. Aanvanklik kom dit voor asof die verwydering oppervlakkig is, maar volgens Twitch (aangehaal in Rogers, 1983) raak die verwydering na 'n rukkie meer permanent sodra die fosfor deur die ondergrondse strukture opgeneem word. Fosfor kan ook in die sediment opgeneem word deur die sedimentasie van fosfordraende organiese- en anorganiese materiale. Die sediment in vleilande vorm dus 'n belangrike versamelplek vir fosfor in rioolwaterbehandeling. Faktore wat die verwydering van fosfor beïnvloed, sluit onder andere die konsentrasie van fosfor, oksidasie-reduksiepotensiaal, die pH en kenmerke van die sediment in (byvoorbeeld die Fe- en Al-inhoud).

Verwydering van fosfor deur die sediment is nie altyd permanent nie omdat die sediment fosfor vrystel sodra die boliggende water se konsentrasie fosfor biologies verminder word en waterplante fosfor uit die sediment kan opneem en aan die water vrystel. Slegs fosfor wat in die sediment in 'n onbeskikbare vorm soos byvoorbeeld apatiet (kalsiumfosfaat) of permanent in onderliggende lae sediment begrawe is, is permanent uit die vleiland verwyder. Die sediment aanwastempo is dus belangrik by die bepaling van die kapasiteit van 'n vleiland om permanente verwydering van fosfor te verseker. Volgens Twinch en Breen (aangehaal in Rogers, 1983) is die behoud van die geoksideerde mikrosone net so belangrik aangesien dit die verlies van fosfor aan die boliggende watermassa verminder.

7.2.4 Organiese materiaal

Studies toon dat vleilande oor verskillende kapasiteite beskik om organiese materiaal uit afvalwater te vewyder met resultate wat varieer van 'n toename in organiese koolstof (Peverly, aangehaal in Rogers, 1983) en chemiese suurstofbehoefte (CSB) (Lee et al., aangehaal in Rogers, 1983) tot 'n afname in bruto suurstofbehoefte (BSB), organiese koolstof en chemiese suurstofbehoefte (CSB) van meer as 95% volgens Boyt et al., De Jong, Hartland-Rowe en Wright (aangehaal in Rogers, 1983).

Vleilande is baie produktiewe stelsels (Richardson, aangehaal in Rogers, 1983) en mikro-organismes wat in hierdie sisteem geproduseer word, mag uitgevoer word as drywende fragmente, gesuspendeerde afslytsel en opgeloste organiese samestellings. Gevolglik kan water wat uit 'n vleiland gelaat word 'n persentasie organiese materiaal bevat, alhoewel die meeste organiese materiaal wat in die stelsel gestort word deur die ekosisteem van die vleiland verwyder word.

Gekonsentreerde gebruik van moeilik-degradeerbare samestellings soos skoonmaakmiddels, karbolsuur en plaagdoders bring mee dat hierdie middels in afvalwater gekonsentreer word. Omdat hierdie samestellings moeilik oplos, versamel hulle in die sedimente van die vleilande en word stadig opgelos deur die mikro-biologiese prosesse wat rondom hulle plaasvind (Furness, 1983). Dit is onmoontlik om te sê hoe lank hulle in die sediment in hulle oorspronklike vorm behoue gaan bly aangesien baie min opnames van die tempo waarteen biodegradasie plaasvind, gemaak is (Paris et al., aangehaal in Rogers, 1983).

Terwyl sommige waterplante nie kan oorleef wanneer hulle blootgestel word aan hoë konsentrasies fenoliese verbindings nie, floreer ander (byvoorbeeld *Juncus* spp., *Schoenplectus* spp. en *Eichhornia crassipes*) terwyl hulle fenol uit die water verwyder (Seidel et al. & Wolverton et al., aangehaal in Rogers, 1983). Wolverton et al. (Aangehaal in Rogers, 1983) het bereken dat *Eichhornia crassipes* soveel soos 8,64 kg fenol per akker per dag kan verwyder. Die plante het ook die konsentrasies van ander hidro-koolstowwe ('n koolwaterstofverbinding) verminder.

Baie min is op hierdie stadium bekend oor die langtermyn effek van moeilik-degradeerbare materiale op vleilande en of die vleiland-ekosisteen daartoe in staat is om hierdie verbinding volkome op te breek. In 'n tien jaar periode wat rioolslyk in Amerikaanse moerasse gestort is, kon Teal et al (aangehaal in Rogers, 1983) slegs twee gevalle van nadelige uitwerking op die vleilande opmerk. Eerstens het sowat 50% van die "fiddler"-krap bevolking in die slag gebly weens die teenwoordigheid van aldrien en tweedens het die "tabanid"-larwe drasties verminder as gevolg van die teenwoordigheid van halogeenryke hidrokarbonate.

7.2.5 Swaar metale

Ondersoeke van Banus et al., Boyt et al., Valiela, Vince en Teal (aangehaal in Rogers, 1983) het getoon dat die konsentrasie swaar metale afneem soos die water deur die vleiland vloei. Die effektiwiteit varieer, maar kan so hoog as 90% wees.

Sedimentasie blyk die mees effektiewe metode vir die verwydering van metale uit afvalwater in vleilande te wees (figuur 7.2). Swaar metale neig om aan die sedimente te verbind en in die omgewing van die punt van besoedeling te bly (Teal et al., aangehaal in Rogers, 1983). Banus et

al. (aangehaal in Rogers, 1983) het gevind dat meer as 90% van die lood (Pb) wat in die vlei gestort is, is in die sedimente opgeneem, terwyl Teal et al. (aangehaal in Rogers, 1983) bevind het dat die meeste van die yster (Fe) en kwik (Hg) ook op hierdie wyse verwyder word. Kadnium (Cd) is meer mobiel en hoë konsentrasies is deur Teal et al. (aangehaal in Rogers, 1983) regdeur die fauna en flora van die vleiland opgespoor.

Volgens Kadlec en Kadlec (aangehaal in Rogers, 1983) is waterplante in staat om beduidende hoeveelhede swaar metale uit water en sediment te verwyder (Figuur 7.2). Seidel (aangehaal in Rogers, 1983) het bevind dat 1-3 mg nikkel (Ni) en 8-57 mg boor (B) per kg droë plantmassa voorkom. Wolverton (aangehaal in Rogers, 1983) het bereken dat *Eichhornia crassipes* ongeveer 0,176 mg lood per kg droë plantmassa uit die water verwyder. Dus is die gereelde oesting van die plante 'n permanente metode om beduidende hoeveelhede swaar metale uit afvalwater in die vleilande te verwyder.

Daar bestaan 'n moontlike gevaar deur metale deur middel van vleilande uit afvalwater te verwyder. Aangesien sommige stowwe baie giftig is, kan hulle teenwoordigheid in die plantmassas meebring dat hulle via die voedselketting dalk deur die mens ingeneem kan word (Kadlec & Kadlec, aangehaal in Rogers, 1983; Appelton, 1983). Verder mag hulle 'n vernietigende effek op die vleilande hê wat kan veroorsaak dat die vleiland se watersuiweringskapasiteit ingekort kan word. Tot tyd en wyl meer bekend is oor die invloed van swaar metale op vleilande is dit raadsaam om swaar metale sover as moontlik uit vleilande te hou.

7.2.6 Patogene

'n Hoë konsentrasie patogene bakterieë en virusse word afgeskei deur menslike ekskreta en is dus teenwoordig in residensiële munisipale afvalwater. Verskeie ondersoeke na vleilande het getoon dat beduidende hoeveelhede koliform bakterie (wat wissel van 86,2% na 99%) deur die vleilande verwyder word (Boyt et al., Fetter et al., Hartland-Rowe & Wright, & Turner et al., aangehaal in Rogers, 1983). Weinig data is beskikbaar oor wat uiteindelik met die patogene virusse in die vleilande gebeur (Rogers et al., aangehaal in Rogers, 1983). Moontlike metodes om die virusse te verwyder, sluit die volgende in:

1. Absorpsie na organiese patrikels met die gevolglike sedimentasie
2. Produksie van toksiese middels deur die waterplante en alge
3. Vernietiging deur lig
4. Absorpsie deur plantoppervlakte epifise
5. Ongunstige temperature
6. Veroudering

Baie min inligting is op die huidige stadium oor die oorlewingsvermoë van patogene bakterieë en virusse wat na die oppervlakte in vleilande geabsorbeer word, beskikbaar. Virusse wat deur Moore et al. en Schaub en Sagik (aangehaal in Rogers, 1983) getoets is, het getoon dat hulle in die geabsorbeerde vorm steeds besmet is.

7.2.7 Ontwerpriglyne

7.2.7.1 Terrein

Die posisie van die terrein word gewoonlik deur die bron van die afvalwater, aard van die grond en beskikbaarheid van 'n geskikte terrein bepaal (Gregory, 1989). Hierdie proses kan geoptimaliseer word deur 'n omvattende terreinondersoek proses wat onder andere 'n omgewingsimpakstudie, 'n ekonomiese evaluasie en geotegniese studies insluit. Die keuse van 'n terrein word gewoonlik gebaseer op geologiese, geotegniese, hidrologiese en ander omgewingsinformatie wat die konstruksie, werking en invloed van die vleiland op die omgewing beïnvloed.

Die omvang van 'n projek bepaal die intensiteit van die terreinondersoek. 'n Munisipale rioolsuiweringsvleiland sal 'n baie groter area as 'n vleiland wat 'n myn se water behandel, beslaan. Die terreinondersoek en gevolglike keuse van 'n geskikte terrein word gewoonlik stapsgewys as volg aangepak (Gregory, 1989):

- * 'n voorlopige feite-ondersoek,
- * 'n lugfoto-opname,
- * beperkte ondergrondse ondersoeke, klassifikasie van terrein materiaal en die insameling en evaluasie van omgewingsdata,
- * gedetailleerde ondergrondse ondersoeke en insameling van omgewingsdata soos benodig, en
- * evaluering van die inligting, ondersoek na moontlike omgewingsinvloede en ondersoek na regulerende vereistes.

Volgens Gregory (1989) kan die keuse van 'n geskikte terrein vir 'n vleiland in vier kategorieë, almal ewe belangrik, ingedeel word: gebruik van die land en

algemene oorwegings, hidrologie, geologie asook omgewings- en regs oorwegings.

(a) **Landgebruik en algemene oorwegings**

Een van die belangrikste oorwegings vir die plasing van 'n vleiland is die gebruik van die land en toegang tot die terrein. Daarbenewens moet die afvalwater wat behandel moet word maklik by die terrein kan uitkom. Geskikte toegang vir konstruksietoerusting, bedryfpersonnel en chemiese afleweringvoertuie moet voorsien word asook voldoende reg van weg vir elektriese- en wateraansluitings. Indien publieke toegang nie beheer kan word nie, moet sekuriteit op 'n koste-effektiewe metode voorsien word.

Die beskikbaarheid van grond is byna altyd 'n kwessie. Grondeienaars in die onmiddellike omgewing van die voorgestelde terrein asook grondeienaars wat belang by die ontwikkeling van 'n vleiland kan hê, moet geraadpleeg word ten einde die ontwikkeling te beskerm en seker te maak dat toegang vir die ontwerpleeftyd beskikbaar is. Die area wat benodig word, word bepaal deur die grootte van die vleiland, vloeibeheerstrukture, geassosieerde strukture en store, toegangspaaie en roetes, 'n buffersone en ander relevante strukture.

Gebruike en waardes van grond rondom die terrein moet ook ten opsigte van publieke teenstand teen moontlike reuke, muskiete, laer grond en besigheidswaardes geëvalueer word asook 'n moontlike afname in waterkwaliteit, die estetiese impak en ander omgewingsimpakte. Die publiek moet ingelig word oor presies wat beoog word. Vir hierdie doel kan die media, toesprake, terreinbesoeke, vergaderings en persoonlike besoeke gebruik word.

(b) **Hidrologie**

Die eienskappe, vloeipatrone, gebruike, hoeveelheid en chemiese samestelling van die oppervlakte en grondwater moet deeglik ondersoek word. Eienskappe van die dreineringskom van die voorgestelde terreine kan bepaal of die vleiland 'n sukses sal wees. Maksimum, minimum en gemiddelde watervlakke vir die verskillende seisoene moet bepaal word. Indien die vleiland ontwerp is om net bepaalde munisipale rioolaflope en reën wat op die vleiland val, te hanteer, kan 'n oorstroming of onverwagte invloei van 'n groot hoeveelheid stormwater 'n katastrofiese effek op die vleiland hê. Dus moet die vleiland nie naby enige stroompies of riviere geplaas word nie.

Water wat uit die vleiland vloei se standaard moet van so 'n aard wees dat dit vir die stroomaf verbruikers geen gevaar inhou nie. 'n Studie om die gebruik van water in die stroomafgebied te bepaal moet dus onderneem word, en indien die water nie vir 'n sekere gebruiker geskik sal wees nie, moet óf 'n ander bron vir die gebruiker gevind word óf 'n ander terrein vir die vleiland gesoek word. In bylae E word die minimum standarde waaraan water moet voldoen om in 'n openbare stroom gestort te word getabuleer.

(c) **Geologie**

Geologiese opnames ten opsigte van die eienskappe van die bogrondmateriaal, diepte van rotsbanke, beskikbare konstruksiemateriaal, topografie en ander geologiese en geotegniese aspekte wat die werking van die vleiland kan beïnvloed, moet onderneem word. Indien hierdie ondersoek nie deeglik voltooi word

nie, kan dit die werking van die vleiland nadelig beïnvloed en konstruksiekoste baie verhoog.

